# H O O F S T U K III

## DIE ORGANISASIE EN BEHEER VAN DIE CHRISTELIJK NATIONAAL ONDERWYS 1902-1907.

### 1. Die oorsake vir die ontstaan van 'n eie onderwysstelsel.

Die 19de eeu het geëindig met 'n volkome sekularisasie van die onderwys en 'n feitlik volkome staatsbeheer van alle onderwys [1], beginsels wat ook deur die nuwe Britse bewind in Transvaal toegepas is. Die onderwys in Transvaal sou voortaan vry staatsonderwys wees, in alle opsigte volkome onder die beheer en die bestuur van die staat.

Alhoewel die regering van die Zuid Afrikaansche Republiek ook daartoe oorgegaan het om onder sekere omstandighede staatskole op te rig [2], het die grondbeginsels van die onderwys, naamlik dat die onderwys en opvoeding die verantwoordelikheid van die ouer is, in die harte van die Afrikanervolk bly voortlewe. Hierdie opvatting is dieper ingeskerp deur die uitslag van die oorlog en die instelling van die Sargant-Milner-staatskole. Die reaksie teen die nuwe staatsonderwys het nie alleen om prinsipiële redes ontstaan nie, maar ook om die selfbehoud van die Afrikanervolk. Dit het nou opnuut geword die stryd van die Afrikaner vir die behoud van sy siel en sy geestesgoedere, 'n stryd vir reeds meer as 'n eeu aan die gang, en wat bestaan het in die botsing tussen die Engelse Idee, gewortel in Engeland, en die Afrikaanse Idee, gebore op Suid-Afrikaanse bodem [3].

Daar was veral twee direkte oorsake wat aanleiding gegee het tot die stigting van eie vrye skole:

a. Beswaar/......

1. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 99.
2. Roos: Plaaslike Beheer in die Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 545.
3. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 203.

a. Beswaar teen die gesentraliseerde onderwysstelsel en in besonder teen die seggenskap wat die ouers ontneem is by die benoeming van die onderwysers vir hulle kinders. Die ouers wou hulle eie skoolkomitees kies en deur die skoolkomitees die onderwysers benoem 1). Die benoeming van 'n onderwyser volgens eie keuse sou ook 'n waarborg wees vir die Christelike Onderwys van hulle kinders. Die Afrikaners het gevrees vir die godsdienstige beskouinge van die groot getal ingevoerde Engelse onderwysers van Sargant 2).

b. Veronregting van die Hollandse Taal. Die ouers wou gelyke regte hê vir die Hollandse en Engelse tale as media van onderrig. In die toepassing van hierbeginsel het hulle die waarborg gesien vir die behoud van hulle nasionale tradisies en aspirasies 3).

Aan die stryd om die verkryging en die behoud van Christelike Nasionale onderwys het die C.N.O.-organisasie, die Kerk en die Volksparty deelgeneem.

2. Die ontstaan en funksies van die C.N.O.-Organisasie.

Om die rol wat die C.N.O.-organisasie gespeel het beter te verstaan, is dit nodig om die ontstaan en funksies daarvan kortliks toe te lig.

a. Die ontstaan.

(1) Die stigting van 'n Sentrale Beherende Liggaam.

Die C.N.O./......

---

1. Bot: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, 73.
Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 80.
Debatten van de Eerste Zitting van de Wetgewende Vergadering van de Transvaal 1907, 262.
Toespraak van Raadslid N. J. de Wet voor die Wetgewende Vergadering op 26 Junie 1907: C.N.O.-skole is in 1903 begin "omdat het grootste deel van de ouders meende, dat door deze wet (no.7 van 1903) hun recht om te zorgen voor de opvoeding en het onderwijs hunner kinderen, hun ontnomen was. De ouders werden niet gekent in de aanstelling van onderwijsers; dit is grotendeels de reden geweest van het ontstaan en de oprichting van private scholen, om de kinderen een Christelik-Nationale opvoeding te geven".

2. T.O.D.-Rapport 1905 - 6, 8.

3. Bot: a.w., 73.
Debatten 1907, 262.
Het Christelijk Schoolblad, 1.3.1905.

Die C.N.O.-beweging het sy oorsprong gehad by die "Vriendenkring", wat op 16 Junie 1901 gestig is deur 'n sestal Hollandse onderwysers in Pretoria [1]. Die doel van hierdie persone was om finansiële voorsiening te maak vir die behoeftes van sekere Hollandse onderwysers wat in nood verkeer het. In sy strewe om sy doel te bereik, is kontak gemaak met die heer Emous in Holland [2]. So het die "Vriendenkring" dan die vernaamste kanaal geword waardeur fondse uit Holland na Transvaal gekom het.

Na die vredesluiting het daar 'n nuwe taak op die "Vriendenkring" gewag. Vriende in Holland wou graag finansiële bydraes gee en die "Vriendenkring kreeg de vererende opdracht scholen op gang te helpen" [3]. Onmiddellik is oorgegaan tot 'n subsidie-reëling vir die oprigting en instandhouding van skole. Getroude onderwysers sou, indien hulle skool minstens 15 leerlinge het, gesteun word deur 'n maksimum subsidie van £8 per maand, solank as wat die skoolgeld, deur die ouers betaal, minder as £4 10s. per maand bedra. Indien die skoolgeld meer as £4 10s. is, word die £8 met die verskil verminder. Vir ongetroude onderwysers, met 'n skool van minstens 15 leerlinge, sou £5 per maand betaal word, solank as wat die skoolgeld minder as £3 per maand beloop.

Wat die gees en die aard van die onderwys betref, sou dit so nou moontlik aansluit by die "oude wet van de Z.A. Republiek".

Vaandrager kon nou soos volg aan die heer Emous skryf:

> "Er was nu 'n begin. 'n Stekje was nu geplant in de grond, doorweekt van tranen en bloed. 't Was geplant met 'n biddend hart. En 't was ons aller wens, dat het onder de zegen des Heeren mocht opgroeien tot 'n krachtig boom, die zijn takken over geheel Zuid-

Afrika /.......

---

1. Die eerste lede van "Vriendenkring" was H. Bonesschans, J. J. de Visser, W. Klooster, N. Tromp, M. Vaandrager, H. H. van Rooijen.
2. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Z-Afrika 1900-1902, 97. Artikel in "Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" (1943), 97.
3. Vaandrager: a.w., 98.

Afrika zou uitbreiden" [1].

Intussen, op 22 Oktober 1902, het 'n aantal leidende persone die eerste C.N.O.-komitee, bekend as "'n Algemene Kommissie tot behartiging van 't Christelik National Schoolonderwijs", gevorm. Die komitee het bestaan uit ds. H. S. Bosman as voorsitter, ds. P. Postma as sekretaris, M. E. de Wildt, dr. H. Reinink en generaal J. C. Smuts [2].

Gedurende die laaste twee maande van 1902 het die "Vriendenkring" en die Algemene Kommissie naas mekaar bestaan en mekaar aangevul. Laasgenoemde kommissie het die werk wat deur die "Vriendenkring" gedoen is, goedgekeur en die voorlopige reglement van die "Vriendenkring" aangeneem met slegs een klein wysiging: Die maksimum subsidie vir 'n getroude onderwyser sou £10 in plaas van £8 per maand wees, maar geen onderwyser se salaris sou hoër as £15 per maand wees nie [3].

Die reglement, wat later saam met die C.N.O.-leerplan gepubliseer is, het bestaan uit tien artikels. Die Hoofdkommissie gaan uit van die standpunt dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders en hulle stel hulle dit ten doel om die ouers wat nie die onkoste verbonde aan die onderwys kan betaal nie, by te staan in die vervulling van hulle pligte. Die onderwys moet gegee word in 'n Protestants-Christelike gees. Die verpligte vakke was: Bybelse geskiedenis, aanskouingsonderwys, Hollands lees, Nederlandse taal, skryf, rekene, sang, resitasie, geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika. Die Kommissie beveel verder aan die grondige aanleer van Engels weens sy praktiese waarde. Die

voertaal/.......

---

1. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 99.
   V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 148.
2. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 23. Volgens Symington was ds. M. J. Goddefroy lid van die komitee in die plek van M. E. de Wildt.
3. Id., 233.
   Vaandrager: a.w., 99.

voertaal van onderrig sou wees, net Hollands vir Bybelse geskiedenis, geskiedenis van Suid-Afrika en sang. Elke skool moes staan onder 'n eie bestuur, wat gekies sou word deur die ouers van die skoolgaande kinders en wat uit minstens drie lede moes bestaan. Die aantal skoolure moes 25 uur per week en die skoolvakansies nie meer as 8 weke per jaar beloop nie. Verder moes 'n hoof in besit wees van 'n onderwyssertifikaat of hy moes onvoorwaardelike erkenning van bevoegdheid verkry het onder die Zuid Afrikaansche Republiek. Die minimum aantal leerlinge vir 'n ondersteunde wykskool was 15 bo die ouderdom van 6 jaar, en vir 'n dorpskool 30 bo die ouderdom van 6 jaar. Daar is ook "Algemene bepalings en kennisgewings" betreffende subsidies, registers, inspeksie, korrespondensie en skoolbehoeftes uitgevaardig [1].

Tot aan die begin van 1903 het die "Vriendenkring" in hoofsaak die administratiewe sy van die C.N.O.-organisasie behartig, terwyl die Algemene Kommissie vir die finansiële sy verantwoordelik was. Die administratiewe werk het egter so verbasend toegeneem dat die "Vriendenkring" op sy vergadering van 8 Desember 1902 besluit het om die Algemene Kommissie te versoek om 'n voltydse sekretaris te benoem. Met die aanstelling van H. Visscher, oud-inspekteur van skole in die Zuid Afrikaansche Republiek, as voltydse sekretaris, het die"Vriendenkring" se werk ten einde geloop [2].

Op sy vergadering van 30 Oktober 1902 het die Algemene Kommissie sy naam verander tot "Hoofdkommissie voor Christelik Nationaal Onderwijs" [3]. Daar het ook 'n verandering in die samestelling van die Hoofdkommissie gekom: Tot die predikante Bosman en Postma is bygevoeg ds. M. J. Goddefroy as verteenwoordiger van die Nederduitsch Hervormde

Kerk/.......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 96.
2. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 100, 101. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 234.
3. Vaandrager: a.w., 100.

Kerk, en in die plek van generaal Smuts en dr. Reinink is generaal C. F. Beyers en die here H. S. Meintjies en A. D. W. Wolmarans benoem, terwyl die heer De Wildt as verteenwoordiger van die Nederlandse Bystandsfonds bly funksioneer het [1].

(2) <u>Desentralisasie van die onderwysbeheer.</u>

(a) <u>Ongeorganiseerde stigting van Verenigings vir C.N.O.</u>

Die Hoofdkommissie vir C.N.O., wat as sentrale liggaam moes optree om die hele C.N.O.-beweging te organiseer, het sy hande vol gehad. Korrespondensie is met skole gevoer, fondse is ingesamel, subsidies uitbetaal, verslae is ontvang, en die behoefte om die organisasie uit te brei sodat beheer gedesentraliseer kon word, het al groter geword.

Met die snelle uitbreiding van C.N.O.-skole moes meer fondse ingesamel word, veral van die ouers en goedgesinde persone. Om veral hierdie insameling van fondse te bevorder, is in oorleg met voormanne van die volk besluit om verenigings vir C.N.O. in die verskillende distrikte te stig. Elke vereniging sou 'n bestuur hê wat deur die ouers van die gebied sowel as belangstellendes in die C.N.O.-beweging gekies moes word [2].

Die Hoofdkommissie vir C.N.O. het in die pers [3] en in omsendbriewe aan kerkrade, skoolkomitees en reeds gestigte verenigings vir C.N.O. die werking van die nuwe organisasie verduidelik en die mense aangemoedig om te organiseer en geld in te samel. In antwoord op hierdie oproep is daar in baie distrikte sulke verenigings vir C.N.O. gekies [4].

Alhoewel/......

1. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 101.
2. De Volksstem, 24.2.04. 3. Ibid.
4. De Volksstem, 25.4.04: Apiesrivier.
De Volksstem, 7.9.04: Rustenburg, Pretoria, Krugersdorp.
De Volksstem, 22.10.04: Ermelo.
De Vereeniging, 12.1.05: Waterberg.
De Volksstem, 25.1.05: Bronkhorstspruit.
Snyman: 'n Histories-Kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die distrik Marico Transvaal, 108.

Alhoewel die idee van die stigting van verenigings vir C.N.O. gesond was, was die reëling en organisasie daarvan nie deurtastend en deeglik genoeg nie. Daar het nie genoeg leiding uitgegaan van die Hoofdkommissie vir C.N.O. nie. Dit is aan elke vereniging oorgelaat om sy eie huishoudelike reglement op te stel en volgens sy eie metodes te organiseer. Daar was geen eenvormige optrede nie.

Die bestuur van die "Vereeniging voor Christelijk Nationaal Onderwijs" te Waterberg [1] sou bestaan uit 5 lede en elke skoolkomitee kon een lid benoem. Te Bronkhorstspruit [2] sou die bestuur bestaan uit 15 lede terwyl die Schoolbestuur van die Westeindschool hulself gekonstitueer het in 'n vereniging genaamd "De Westeind/School" en "een ieder die belangstelt in 't vrije onderwijs" kon lid word teen 'n bydrae van 2/- per maand [3].

Nieteenstaande uiterste pogings deur sommige van hierdie verenigings, wou die organisasie nie vlot nie [4]. Selfs die sekretaris van die Hoofdkommissie, H. Visscher, het by 'n vergadering te Vlak-

plaats/........

---

1. De Vereeniging, 2.1.05.
2. De Volksstem, 25.1.05.
3. De Volksstem, 25.3.05.
4. In die uitgawe van "Het Christelijk Schoolblad" van 1.3.05. skrywe "Buitenman" 'n brief gedateer 11.2.05: "...zelfs nadat de Commissie voor C.N.O. de circulaire over organisatie had uitgezonden was het nog mijne opvatting, dat de drijfkracht zou uitgaan van onze Commissie; totdat ik zag, dat men rondom ons reeds aan het stichting van vereenigingen begon en die Sekretaris van C.N.O. mij versekerde, dat het de bedoeling van de Commissie waren, dat de menschen zelf met de organiseeren moesten beginnen. Wat ik toen voorzien en ook uitgesproken heb, is geschied. Men is gaan organiseeren, hier zus en daar zoo en op een derde plaats nog anders; en men heeft gekregen in plaats van eenheid, de eerste vereiste van een degelijke organisatie, een zodanige verscheidenheid waarvan moeilijk een geheel te vormen zal zyn".
   Sien ook: Het Christelijk Schoolblad, 1.10.05: Die tak Krokodilrivier van die C.N.O.-vereniging kla oor die swak belangstelling.

plaats in die wyk Gatsrand daarvan melding gemaak dat daar reeds op verskeie plekke C.N.O.-verenigings gestig is "zooals te Krugersdorp, Rustenburg, Marico, Pretoria en hier waarvan eenige maar weinig leven toon" [1].

(b) <u>Verdere stappe in die rigting van 'n gedesentraliseerde organisasie.</u>

Die leemtes in die C.N.O.-organisasie is deur die kerk aangevoel, en op 5 Julie skrywe drie predikante [2] van die drie Hollandse kerke 'n brief aan die Volkskongres van "Het Volk-Party", wat toe in sitting was. In die brief voer hulle aan dat "wij gevoelen, dat vooral in deze tijden van druk, een vaste en over het geheele land uitgebreide organisàtie dringend nodig zijn" [3]. By hulle brief het hulle ook konsep-voorstelle vir so 'n organisasie ingesluit. In die memorandum word aanbeveel dat die Volkskongres 'n besluit neem om 'n organisasie oor die hele land tot stand te bring; dat opdrag gegee word aan die Hoofdkomitee van Het Volk om deur middel van hulle distriksbesture en met die hulp van die predikante en kerkraadslede hierdie organisasie so spoedig moontlik in al die distrikte tot stand te bring; dat die Hoofdkomitee van Het Volk in oorleg met die Hoofdkommissie vir C.N.O. so spoedig moontlik 'n kongres vir C.N.O. te Pretoria moet belê, waar afgevaardigdes uit alle distrikte die onderwys kan bespreek en 'n Hoofdkomkissie kan kies. Verder moes die Hoofdkomitee samewerking soek met voorstanders van C.N.O. in die Kaapkolonie, Oranje Rivier Kolonie en Natal.

Die finansiële nood van baie van die skole word weer deur die leraars onder die aandag van die Kongres gebring, met die waarskuwing dat "het vrije onderwijs heeft alleen lewensvatbaarheid, als het volk zelf voor deze zaak geldelike offers leert brengen".

Volgens/.......

1. Het Christelijke Schoolblad, 1.3.05.
2. Ds. H. S. Bosman (N.H. of G. Kerk), dr. P. J. Muller (Ned. Herv. Kerk) en ds. M. Postma (Geref. Kerk). Die drie was ook lede van die Hoofdkommissie vir C.N.O.
3. Het Christelijk Schoolblad, 1.8.05.

Volgens hulle oordeel kon fondse verkry word deur 15/- per jaar vir lidmaatskap van 'n takvereniging vir C.N.O., en ook deur 'n kollekte van huis tot huis te hou op 'n vasgestelde tyd, byvoorbeeld in Hervormingsweek [1].

Na deeglike bespreking van die kerkleiers se voorstel, het die Volkskongres 'n "Kommissie voor onderwijs en opvoeding" [2] benoem, en die volgende voorstel, wat deur hulle aan die kongres voorgelê is, is algemeen aangeneem:

> "Deze vergadering heeft met genoegen kennis genomen van de gevoelens der drie Hollandsche Kerken omtrent de wenselikheid om het C.N.O.-stelsel uit te breiden en beter te organiseren;
>
> "Zij drukt als hare zienswijse uit, dat alle krachten door de ouders behoren aangewend te worden ten einde hulle kinderen een behoorlike Christelik Nationale opvoeding te geven;
>
> "Zij draagt derhalve het Hoofdkomitee op om in overleg met de Kommissie voor C.N.O. de nodige maatregelen te nemen ten einde door middel onzer Vereeniging en met medewerking der Hollandsche Kerken en bestaande C.N.O.-Vereenigingen in alle distrikten van Transvaal een vaste organisatie voor C.N.O. in het leven te roepen, sodat door de organisatie de regelen en geldelike ondersteuning voor het C.N.O. op een vaste en bevredigende voet kon geplaatst worden" 3).

Weens die onderhandelinge tussen die voormanne van Het Volk en die nuwe hoë-kommissaris, lord Selborne, is die hou van die voorgenome kongres vertraag. Hierdie vertraging het onrus verwek en daar is gevrees dat die leiers ook net soos in die Oranje Rivier Kolonie "....'t eerstgeboorterecht voor 'n schotel linsen" sou verkoop [4].

Die eerste Onderwyskongres, gereël in opdrag van die Volkskongres van Julie 1905, het op 12 en 13 Desember 1905 plaasgevind onder voorsitterskap

van genl./.......

---

1. Het Christelijk Schoolblad, 1.8.05.
   De Volksstem, 5.8.05.
2. Lt. G. 129/114: Die Kommissie het bestaan uit prof. dr. P. J. Muller, ds. H. S. Bosman, ds. M. Postma, A. D. W. Wolmarans en genl. C. F. Beyers.
3. De Volksstem, 7.10.05, 18.10.05.
   Het Christelijk Schoolblad, 1.8.05.
4. Het Christelijk Schoolblad, 1.1.06.

van genl. Louis Botha. Afgevaardigdes na die kongres het bestaan uit lede van die Hoofdkommissie vir C.N.O., lede van die Hoofdkomitee van Het Volk, 20 verteenwoordigers van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 10 lede elk van die Nederduits Hervormde en die Gereformeerde Kerke respektiewelik, 20 van die C.N.O.-verenigings, 40 van die takke van Het Volk en 5 van die V.V.O.O.Z.A. Daar was dus oor die honderd afgevaardigdes [1].

Hierdie verteenwoordigende kongres het die onderwyskwessie deeglik bespreek, met besondere aandag aan die Selborne-minute. Na 'n tweedaagse sitting is die volgende voorstel van genl. Beyers en genl. Botha aangeneem:

> "Aangezien uit alle onderhandelingen met de Regering over de Onderwijskwestie gedurende de laatste jaren en tot nu toe gebleken is dat de rechten van ons volk niet erkend worden, maar, integendeel, ons ontnomen worden, dat waarop wij rechtmatig aanspraak kunnen maken,
>
> "Zoo besluit het kongres met de Volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan.
>
> "Daartoe wordt de zaak op het hart van ons volk gehouden door middel van een openbaar schrijven, uitgevaardigd door de Commissie hieronder genoemd om te zorgen voor de eigen opvoeding hunner kinderen, waar immer mogelijk.
>
> "Het Kongres besluit om staande de vergadering te zien op welke hulpbronnen wij mogen rekenen voor C.N.O. en dan aan gemelde Commissie op te dragen plannen te beramen om voor de toekomst de nodige fondsen te vinden. Ook zal een beroep gedaan worden op de Kerk, in deze haar krachtige steun te verlenen.
>
> "Ten einde de gehele zaak van die Volksopvoeding te regelen, worden er een voorlopig Hoofd-Commissie voor C.N.O. benoemd aan wie zal worden opgedragen:

1. Een schema op te trekken. zoodat C.N.O. in verband met de Vereeniging "Het Volk" gedreven zal worden, en wel naar aanleiding van het voorstel ter tafel ingediend door de gezamentlijke Commissies van die Vereeniging "Het Volk" en van C.N.O.,
2. Alle gelden te beheeren en te administreeren.
3. Een Onderwijs Congres op te roepen, zoo spoedig mogelijk, zegge in het begin van Maart, e.k.

"Deze/......

---

1. De Volksstem, 20.12.05.
   Het Christelijk Schoolblad, 1.1.06.

"Deze voorlopige Commissie te bestaan uit de volgende perzonen: Ds. H. S. Bosman, Ds. M. Postma, Prof. P. J. Muller, de heer A. D. W. Wolmarans en Generaal C. F. Beyers" [1].

Die pasgekose Hoofdkommissie het dadelik aan die werk gespring en vroeg in Januarie 1906 is deur omsendbriewe [2] en in die pers [3] 'n oproep gedoen om te organiseer en is ook die organisasie-planne uiteengesit. Die oproep is veral gerig aan sekretarisse van distriksbesture van Het Volk, aan voorsitters van bestaande takbesture van C.N.O. en aan predikante van die drie Hollandse kerke.

Die Hoofdkommissie het die organisasie soos volg beplan: Die sekretaris van die distriksbestuur van Het Volk roep onmiddellik die voorsitters van die taksbesture en van die C.N.O.-verenigings (waar hulle nog bestaan) op, om in oorleg met die predikante van die drie Hollandse kerke die tyd en plek vir die verskillende vergaderings te bepaal. Hierdie vergaderings word so gou moontlik in die verskillende wyke gehou, waar die doel van C.N.O.-onderwys verduidelik word, pogings aangewend word om alle persone wat die beginsels van C.N.O. onderskryf te laat aansluit en dan 'n wyksbestuur te kies. 'n Wyksbestuur sou bestaan uit hoogstens 7 lede, waarvan 4 'n kworum vorm. Ampsdraers word deur die wyksbestuur self gekies en die voorsitters en sekretarisse van die verskillende wyksbesture sou die distriksbestuur vorm. Kontribusies en ledegelde word gereël volgens die drakrag van die lede. Elke wyk stuur 'n begroting vir 1906 in, met opgawe van die aantal skole, inkomste, uitgawe en die bedrag

wat elke/....

---

1. Notulen van de Achste Synode der Nederduits Hervormd of Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 228.
   De Volksstem, 20.12.05.
   Het Christelijk Schoolblad, 1.1.06.
2. Het Christelijk Schoolblad, 1.2.06.
3. De Volksstem, 20.1.06.

wat elke wyk self kon insamel [1].

'n Uitnodiging is ook aan alle wyksbesture gerig om afgevaardigdes na die tweede onderwyskongres in Maart 1906 te stuur.

(c) Die statute vir die Vereniging vir Christelik-Nasionaal Onderwys.

Die onderwyskongres van 20 - 21 Maart 1906 is deur 110 afgevaardigdes bygewoon. Ds. Bosman is gekies tot voorsitter en prof. dr. P. J. Muller tot ondervoorsitter. Die nuwe Hoofdkommissie vir C.N.O. is soos volg saamgestel: ds. H. S. Bosman, prof. dr. P. J. Muller, ds. M. Postma, generaals S. W. Burger en C. F. Beyers, A. D. W. Wolmarams en ds. A. J. Louw.

By hierdie kongres het die verteenwoordigers van die ouers hulle standpunt herbevestig, naamlik "dat het kongres als beginsel uitspreke dat de ouders verantwoordelik zijn voor de opvoeding en 't onderwys hunner kinderen, en de Regering niet anders kan en mag doen dan finansieel ondersteunen, waartoe de Regering ook verplicht is, omdat de landsgelden niet alleen aan een deel der bevolking mogen besteed worden".

Die belangrikste werk van die kongres was om die statute van die "Vereeniging van Christelik Nationaal Onderwys in Transvaal" op te stel en goed te keur.

Die C.N.O.-vereniging is in die lewe geroep, kragtens 'n besluit van die Onderwyskongres van Desember 1905, en dit het die instandhouding en uitbreiding van die C.N.O.-skole beoog. Die statute handel oor die doel, grondslag, organisasie, kontribusies, fondse, onderwys, skole en geboue, onderwysers en onderwyseresse en 'n aantal algemene en slotbepalinge/.......

---

1. In sy omsendbrief het die Hoofdkommissie die wenslikheid uitgespreek dat taksbesture van Het Volk nie verder belas moes word met ekstra werk, soos toesig oor skole en die insameling van fondse nie; hierdie werk moes oorgelaat word aan die wyksbestuur vir C.N.O.

slotbepalinge [1].

Die grondslag sou wees Christelike onderwys, dit wil sê: onderwys ooreenkomstig die Heilige Skrif en in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die drie Hollandse kerke, en onderwys wat met die oog op die leiding van God in die geskiedenis van ons volk, die Godsdiens, die taal en tradisies van ons vaders in ere hou en voortplant [2].

Die bestuur van die Vereniging vir C.N.O. berus by die Hoofdkommissie, die distrikskommissies en afdelingskommissies. Die vereniging sou takke hê in alle wyke en distrikte en as lede kon toetree alle blanke persone wat die beginsels van C.N.O. onderskryf [3]. Al diegene wat nie lede is nie, maar wat vaste jaarlikse bydraes gee, sou begunstigers wees [4].

Soos reeds deur die Hoofdkommissie in sy omsendbrief aanbeveel, sou elke afdeling sy eie bestuur van 7 lede kies, waarvan 3 die een en 4 die volgende jaar sou aftree. Aftredende lede sou herkiesbaar wees en 4 lede sou 'n kworum vorm. Die distrikskommissie word saamgestel deur die voorsitter en een verkose lid van elke afdelingskommissie. Die helfte van die lede sou 'n kworum vorm [5].

Die afdelingskommissie moes soveel van die sake as wat tot die afdeling behoort, afhandel, terwyl sake wat die distrik raak deur die distrikskommissies behandel moes word. Die kwessie van grensskole in die afdelings of distrikte moes onderling deur die verskillende besture geskik word. Wanneer afdelingsbesture nie hulle sake kon besleg nie, moes dit na die distriksbestuur verwys word, wat hulle weer op die Hoofdkommissie/....

---

1. Het Christelijk Schoolblad, 1.4.06: Statuten van de Vereeniging van Christelik Nationaal Onderwijs in Transvaal.
2. Statuten: artikels 3-4.
3. Statuten: artikel 2.
4. Statuten: artikel 6.
5. Statuten: artikels 7, 8.

die Hoofdkommissie kon beroep [1].

Voor 31 Desember van elke jaar moes die afdelingskommissies verslag oor hulle skole aan die distriksbestuur lewer, wat op hulle beurt voor 15 Februarie van die daaropvolgende jaar rapporte aan die Hoofdkommissie moes stuur [2].

Jaarliks sou 'n onderwyskongres gehou word wat sou bestaan uit die Hoofdkommissie en afgevaardigdes van al die afdelings in die land. Die kongres moes dan sewe lede benoem waarvan minstens vier in Pretoria woonagtig moes wees, om op die Hoofdkommissie te dien. Die Hoofdkommissie sou sy eie voorsitter kies en die vier lede uit Pretoria sou die dagbestuur vorm [3].

Die Hoofdkommissie sou die geldsake beheer, toesien dat die onderwysers so ver moontlik behoorlike salarisse ontvang, deur inspeksie toesig hou oor die onderwys, bepaal watter sertifikate geldig is, rapporte ontvang, optree in belang van C.N.O. en jaarliks verslag doen aan die kongres [4].

Die distrikskommissies sou in oorleg met die wykskommissies sorg dra dat deur die lede genoeg bygedra word vir die instandhouding van die C.N.O.-skole. Die bydraes sou jaarliks of kwartaalliks vooruitbetaalbaar wees en die wykskommissies sou verantwoordelik wees vir die invordering en storting daarvan by die distrikskommissies [5].

Die fondse van die Vereniging vir C.N.O. sou verkry word deur vaste bydraes van die lede, donasies en "legaten" deur goedgesinde persone en 'n jaarlikse kollekte gereël deur die distriksbestuur gedurende Meimaand. Twintig persent van die vaste bydrae moes deur die distrikskommissie in die Hoofdkommissie se

kas gestort/........

---

1. Statuten: artikel 9.
2. Statuten: artikel 10.
3. Statuten: artikels 11, 12.
4. Statuten: artikel 13.
5. Statuten: artikel 14.

gestort word, en die balans kon hulle aanwend in belang van hulle eie skole. Al die ander fondse sou deur die Hoofdkommissie beheer en vir administrasiekoste en die onderwys van armes gebruik word. Die distriksbestuur moes verslag doen aan die lede van die Hoofdkommissie en deur die afdelingskommissies aan al die lede [1].

Belangrike bepalings is neergelê in verband met die stigting van skole en die oprigting van skoolgeboue. Nuwe skole kon alleen gestig word met die goedkeuring van die afdelings- of distrikskommissie en alleen waar die lewensvatbaarheid van so 'n inrigting in aanmerking geneem is. Buiteskole moes ten minste drie myl van mekaar geleë wees, en in kleiner dorpe sou slegs een skool toegestaan word. Skoolgeboue moes die nodige ruimte hê vir die aantal kinders op die registers [2].

Waar besluit is om 'n nuwe skool te stig, kies die belanghebbende ouers en ondersteuners uit hul eie geledere 'n skoolbestuur van minstens vyf lede. Alle onderwysers word deur die skoolbestuur benoem, onderworpe aan die goedkeuring van die distrikskommissie [3]. In die statute word die minimum kwalifikasies vir onderwysers duidelik neergelê [4].

Die algemene en slotbepalings bind elke lid van die Vereniging vir C.N.O. om die beginsels van C.N.O. te bevorder en reël die prosedure vir die wysiging van die statute.

Uit die statute blyk dit duidelik dat die organisasie gestaan het in die teken van desentralisasie. Die swaartepunt het verskuif van die Hoofdkommissie na die distrikskommissie, met ander woorde, die hele neiging was om die reëling van die onderwys te laat in die hande van die plaaslike inisiatief,/......

---

1. Statuten: artikels 15 - 17.
2. Statuten: artikels 20, 22, 23.
3. Statuten: artikels 21, 28.
4. Statuten: artikels 24 - 27.

inisiatief, die ouers en ondersteuners van C.N.O.

b. Die C.N.O.-organisasie in die praktyk.

(1) Die Hoofdkommissie vir C.N.O. se pogings om die onderwys in C.N.O.-skole te organiseer en te beheer.

Die Hoofdkommissie vir C.N.O. het sy kragte onvoorwaardelik in die stryd gewerp om die Christelik-nasionale onderwys op ŉ gesonde voet te plaas. Die taak waarvoor die kommissie te staan gekom het, was egter so omvangryk dat hy nie onmiddellik daarin kon slaag om alles na wens uit te voer nie.

(a) Pogings om C.N.O.-skole te finansier.

As daar één terrein was waarop die Hoofdkommissie met sukses en volharding gearbei het, dan was dit juis om genoeg fondse te vind om C.N.O.-skole te finansier. Van die kant van die Koloniale owerheid kon daar geen steun verwag word nie. Slegs die gulhartige ondersteuning uit Holland het die uitbreiding van C.N.O-skole moontlik gemaak. In Desember 1903 was daar 151 skole met 215 onderwysers en 5,328 leerlinge 1). Gedurende die derde kwartaal van 1903 het die skoolgeld wat deur die ouers betaal is £2,290 bedra, en die subsidie van die C.N.O.-Hoofdkommissie was £3,571 2).

Verskillende Nederlandse organisasies 3) het steeds mildelik bygedra om die Hollandse onderwys in Suid-Afrika te bevorder. Toe die nood weer eens baie hoog/.......

---

1. De Vereeniging, 2.12.03.
   De Volksstem, 9.12.03.

2. De Volksstem, 9.12.03. Sien ook Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 254.

3. Die heer Emous, redakteur van "'t Christelijk Schoolblad" en hoof van ŉ groot skool in Amsterdam, was ŉ vurige medewerker. Hy was die siel van die "Christelijk Nationale Boerenkomitee" en van die "Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging".
   Die "Algemeene Nederlandsche Verbond" het baie boeke gestuur. Een besending het 5,000 boeke getel.
   Sien De Volksstem, 23.9.03; 28.5.04; 2.7.04.

baie hoog gestyg het, het die sekretaris van die C.N.O. 'n telegram uit Holland ontvang waarin vir 'n jaar lank die som van £1,500 per maand aan die beweging gewaarborg is [1].

In "'t Christelijk Schoolblad" van 23.9.1904 skryf die heer Emous soos volg oor die finansiële toestand:

> "In Transvaal is geldgebrek de eenige belemmering voor de uitbreiding van 't aantal Christelijke Nationale scholen. Er zouden steeds meer scholen bijkomen indien de kommissie voor C.N.O. aan de nog steeds inkomende aanvragen om toezegging van steun kon voldoen. Zij doet wat zij kan, maar haar krachten zijn uiteraard beperk" 2).

Aan die begin van 1905 was die finansiële vooruitsigte duister. Die uitgawes het reeds £2,000 per maand beloop. Van die kant van die ouers is ongeveer £4,300 per kwartaal gevorder. Die tyd van die maandelikse bydraes van £1,500 uit Holland was verstreke [3]. Belangstelling in Holland het begin verflou en intussen is daar nog steeds sonder welslae onderhandelings met die plaaslike regering gevoer [4].

(b) Leerplanne vir C.N.O.-skole.

Aanvanklik sou die leerplanne en algemene organisasie van die skole volgens die onderwyswet van die Zuid Afrikaansche Republiek wees, met 'n bietjie meer erkenning vir Engels [5].

Volgens die reglement van die "Vriendenkring" [6] sou die medium van die onderwys vir C.N.O.-skole Hollands wees. In die laer klasse sou min tyd aan die onderwys van Engels bestee word, maar in die hoër klasse sou ewe veel tyd aan die onderrig van Engels en Hollands bestee word [7]. Volgens 'n brief van Vaandrager aan 'n skoolhoof, sou vakke wat deur medium Engels onderrig word, beskou word as onderrig

van die/.......

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 255.
2. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 102.
3. Het Christelijk Schoolblad, 1.3.05. De Volksstem, 25.1.05.
4. Symington: a.w., 284.
5. Id., 230.
6. Notulen "Vriendenkring" Boek I, 1-3.
7. Ibid.

van die Engelse taal [1].

Later is die reglement van die "Vriendenkring" uitgewerk tot 'n leerplan vir die Hollandse C.N.O. skole [2]. Hierdie stuk is in September 1903 gepubliseer as "Leerplan voor de Scholen voor C.N.O" [3].

Die leerplan sou baie beteken vir skoolhoofde en skoolkomitees wat verantwoordelik was vir hulle skole.

(c) Inspeksie van skole.

Aangesien daar 'n groot aantal ongesertifiseerde onderwysers in diens van skoolkomitees was, was inspeksie deur deskundiges baie nodig. Die Hoofdkommissie vir C.N.O. het hierdie behoefte gevoel en reeds in die eerste uitgawe van die Christelijke Schoolblad - 1 November 1904 - word berig dat "zij in beginsel besloten heeft tot 't aanstellen van, zoo mogelik, twee Inspekteurs. Er zal getracht worden 't geld uit private bronnen byeen te brengen, d.w.z., het zal gevraagd worden van de rijken onder ons" [4]. Hierdie geld is nooit gevind nie.

Intussen het die Hoofdkommissie goedgesinde predikante gevra om die inspeksies waar te neem [5]. 'n Omsendbrief is aan predikante van die drie Hollandse Kerke gestuur waarin hulle versoek is om skole te inspekteer en die volgende inligting te verstrek:

1. Algemene toestand van C.N.O. in die distrik.
2. Aantal gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde privaatskole in die distrik.
3. Aantal gesertifiseerde, gekwalifiseerde en nie-gesertifiseerde onderwysers en hoofde.
4. Aantal leerlinge in die C.N.O.-skole.

5. Aard van/....

---

1. Brieweboek Vriendenkring - Brief Vaandrager aan J. Z. Moerdyk. 8.12.02.
2. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 100.
3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 252.
4. Vaandrager: a.w., 105.
5. Id., 106.
   De Volksstem, 6.8.1904: Ds. Ennis hou inspeksie by die Amsterdamskool.
   Het Christelijk Schoolblad, 1.12.04.

5. Aard van die onderwys en vordering van die leerlinge. Die predikant moes dit, indien moontlik, met behulp van 'n eksamen vasstel.
6. Skoolgeld wat betaal word, donasies ontvang en vermoë van die ouers om by te dra vir die onderwys.
7. Werk wat gedoen word deur die verenigings vir C.N.O.
8. Die behoefte aan die stigting van nuwe skole 1).

Eindelik is die heer J. K. M. Te Boekhorst, oud-inspekteur van die Zuid-Afrikaansche Republiek, uit Holland na Transvaal gestuur as inspekteur van die C.N.O.-skole. Sy salaris sou uit Holland voorsien word, en op 31 Mei 1905 het hy diens aanvaar. Hy het voorwaar voor 'n reusetaak gestaan. Hy moes nie alleen meer as 200 skole in Transvaal besoek nie, maar ook help met die organisasie van die C.N.O.-beweging [2]. Vaandrager skryf soos volg oor die werk van te Boekhorst:

> "De nieuwe Inspekteur werd de schakel tussen 't buiten-onderwijs en de Hoofdkommissie in Pretoria. Hy heeft deugdelike werk gedaan, zichzelf nooit gespaard, het land afgereisd, dikwels te voet over groote afstanden, daar zijn karig salaris hem niet toeliet kar en paarden aan te houden. Onder zulke omstandigheden van 1 Junie - 31 Desember 1905 niet minder dan 85 scholen te bezoeken in tien verschillende distrikten - zooals blyk uit zijn Inspeksierapport - is voorwaar 'n reuzetaak" 3).

Die eerste jaarverslag van inspekteur Te Boekhorst werp lig op plaaslike toestande.

Na aanleiding van die jaarverslag is 'n kennisgewing aan skoolkomitees en onderwysers gestuur waarin opdrag gegee word dat die leerplan soos deur die Hoofdkommissie vir C.N.O. opgestel, streng gevolg

moes word/..........

---

1. Het Christelijk Schoolblad, 1.12.04. 'n Afskrif van die omsendbrief gepubliseer ter inligting van skoolbesture en hoofde.
2. Het Christelijk Schoolblad, 1.7.05.
   Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 106.
   Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 282.
3. Vaandrager: a.w., 107.

moes word. Dit skyn dus asof daar afgewyk is van die voorgekrewe leerplan.

In sy jaarverslag beklemtoon die inspekteur die stryd wat die C.N.O.-skole moes voer: armoede onder die volk, inspekteurs van goewermentskole wat kinders en onderwysers probeer oorreed om by hulle skole aan te sluit, gebrek aan skoolgeboue en fondse om geboue op te rig.

Nieteenstaande uiters moeilike omstandighede bloei die C.N.O. Hy vermeld ook dat die onderhandelings tussen die volksleiers en die regering die stigting van C.N.O.-verenigings vertraag.

Baie onderwysers sluit by die regeringskole aan, maar daar is ook goeies wat volhard. In ander gevalle moes die Hoofdkommissie verdere subsidie weier weens swak leerkragte.

Onder omstandighede is geboue, skoolmeubels en skoolvoorrade bevredigend [1].

(d) Opleiding van onderwysers.

Deur die vinnige uitbreiding van die C.N.O.-beweging en die groot getal onderwysers wat oorgegaan het na die regeringskole, het skoolkomitees dit moeilik gevind om hulle poste te vul.

Hierdie probleem is aangepak deur 'n raad van eksaminatore te benoem wat onderwyseksamens kon afneem, en verder is 'n aantal leerkragte in Holland gewerf [2].

Die raad van eksaminatore moes die vereistes vir 'n "Derde-Klas-Onderwijseksamen" vasstel en op gereelde tye eksamens afneem. Die hoofbestuur van die Onderwysersvereniging het die here W. Klooster en F. W. Wagner op die eksamenkommissie benoem terwyl die C.N.O. vir dr. H. Reinink, dr. N. M. Hoogenhout en advokaat Esser benoem het [3]. Deur die optrede van die raad het sowat sestig onderwysers die derdeklas-/.......

1. Het Christelijk Schoolblad. 1.2.06.
2. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 103.
3. Ibid.

derdeklas-sertifikaat verwerf [1].

'n Poging om eerste- en tweedeklas-eksamens af te neem, is nie ten uitvoer gebring nie.

Alhoewel die Hoofdkommissie vir C.N.O. hoofsaaklik 'n sentrale liggaam was, was dit hulle strewe om groter kontrole oor die werk van die C.N.O.-skole te kry. Deur hulle optrede is daar leiding aan plaaslike besture gegee, deur inspeksie is kontrole uitgeoefen en deur insameling van fondse en die opleiding van onderwysers is die skoolbesture gesteun in die beoefening van Christelik-Nasionale Onderwys.

(2) <u>Distriks- en Wyksbesture.</u>

Deur 'n besluit, geneem tydens die onderwyskongres van 12 en 13 Desember 1905, het die distriks- en wyksbesture hulle finale beslag gekry. In die "Statuten van de Vereeniging voor Christelik Nationaal Onderwijs in Transvaal", wat op 21 Maart 1906 deur die tweede onderwyskongres goedgekeur is, is die samestelling en funksies van hierdie liggame beskrywe [2].

Die nuwe organisasie van die C.N.O.-beweging wou maar nie vlot nie. Slegs drie of vier van die 22 distrikte wat bestaan het, het gewerk op die basis van die kongresbesluit [3].

Sommige wykskommissies het geweier om die twintig persent van hulle fondse aan die Hoofdkommissie te stuur [4]. Leidende figure, veral van die kant van die onderwysers, het hulle mening, soms in sterk taal, uitgespreek oor die nuwe organisasie. Vaandrager skryf:

> "'n Mooie organisasie....... op papier. Helaas! tot krachtige daden is 't niet gekomen, zodat 't financiële gesukkel is blijven voortgaan, nog wel in verergerende mate" 5).

W. Klooster/.....

---

1. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 105.
2. Die inhoud van hierdie statute is reeds gegee. Sien bladsy 95.
3. Het Kristelik Schoolblad, 1.10.06. (Vanaf 1.7.06 nuwe spelling van Kristelik).
4. Id., 1.6.06. Op 'n vergadering van die C.N.O.-tak Blesbokspruit, distrik Standerton, gehou op 13.4.1906, is besluit om 5% in plaas van 20% af te staan.
5. Vaandrager: a.w., 114.

W. Klooster, voorsitter van V.V.O.O.Z.A., het op die algemene vergadering van die vereniging gesê dat die beginsel van desentralisasie gelei het tot desorganisasie, meer as een skool het daardeur in nood verkeer en "vijf scholen zijn ten gevolge van dat Kongres [1] verdwenen. Vijf Kollegas, die hier in dit lokaal of aan deze bestuurstafel behoorden te zitten hebben ons verlaten" [2]. Die redakteur van Het Kristelik Schoolblad skryf in die Oktober-uitgawe van die blad:

> "We hebben al te veel gehoord over organisatie en desorganisatie, centralisatie en decentralisatie, en 't een helpt zoo min als 't ander !......Daar moet gewerkt worden ! Trage handen moeten uit de mouwen worden gestoken, slappe knieën worden opgericht. Dan moeten School-Commissies, Afdelings-Commissies en Distrikts-Commissies niet maar in naam bestaan, maar ze moeten aan den arbeid, allereerst om den eigen school in stand te houden en dan om elkander te steun".

Hy gaan voort deur te skryf:

> "Thans ontwikkelen nog maar enkele distrikten eenige gezonde activiteit, van vele hoort men nooit iets. De Districts-Secretaris kent de scholen en onderwijsers niet, de onderwijsers kennen den Districts-Secretaris niet" 3).

Die mislukking van die C.N.O.-organisasie kan nie daaraan toegeskrywe word dat daar met die organisasie as sodanig iets verkeerd was nie, maar die tekens van verval in die C.N.O.-beweging was reeds merkbaar.

3. <u>Die plaaslike bestuur van C.N.O.-skole</u>.

a. <u>Onderwys die verantwoordelikheid van die ouer</u>.

Die drie jaar lange stryd tussen Boer en Brit het die hele onderwys lamgelê. By enkele plekke, soos Johannesburg, Krugersdorp en Pretoria, waar die militêre stryd nie meer gewoed het nie, het gewese onderwysers/.....

---

1. Onderwyskongres van Maart 1906. Die onderwysersvereniging het seer gevoel omdat hulle nie op daardie kongres verteenwoordig was nie. Sien Kristelik Schoolblad, 1.7.06.
2. Het Kristelik Schoolblad, 1.7.06.
3. Id., 1.10.06.

wese onderwysers van die Zuid Afrikaansche Republiek, hoofsaaklik onder beskerming van die kerk, klein skooltjies aan die gang gehou [1]. In Pretoria was daar baie Hollandse kinders en aan onderwysers het dit ook nie ontbreek nie. Spoedig het daar ses skole herlewe, skole wat hulle gehou het aan die leerplanne van die Zuid Afrikaansche Republiek. Die inkomste was gering en skoolgeld kon die ouers, of liewers die moeders, nie betaal nie. Nieteenstaande hulle karige salarisse het die onderwysers hulle werk met toewyding en opgewektheid gedoen. Ds. H. S. Bosman en ingenieur De Wildt het hulle beywer vir die versorging van hierdie skole [2].

Na die vredesluiting het die volk teruggekeer na hulle wonings, en alhoewel verarm, het hulle hul roeping teenoor hul kinders nie vergeet nie. Sommige teruggekeerde onderwysers het weer hulle vooroorlogse kontrakte met ouers herstel [3] en veral die kerk het die inisiatief geneem by die stigting en organisering van skole [4].

Nadat bekend geword het dat die "Vriendenkring" skole sou subsidieer indien die onderwyser se kwalifikasies aan sekere vereistes voldoen [5], het daar van verskillende kante navraag gekom waarin om finansiële bystand gevra is [6]. Na mate fondse uit Holland die Hoofdkommissie vir C.N.O. bereik het, het die aantal leerlinge snel toegeneem. Volgens gegewens in "Het Christelijke Schoolblad" van 1.12.1904, het die getal

leerlinge/.......

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 303.
   De Vereeniging, 26.8.1903. "Te Turffontein werd de school, zoo te zeggen, nooit gesloten".
2. Vaandrager: Beweging voor Christelijk Nationaal Onderwys, 96.
3. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 230.
   Vriendenkring Brieweboek, 227.
4. Coetzee: Die Geskiedenis van Onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse Distrik, 95.
   Lötz: Geskiedenis van die ontwikkeling van Blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal, 97.
   De Vereeniging, 15.7.03, 26.8.03. Gemeentes Bethal, Pretoria, Utrecht, Zoutpansberg, Middelburg berig die stigting van skole as gevolg van die inisiatief van kerkrade.
   Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 122.
5. Symington: a.w., 230.
6. Vaandrager: a.w., 99.

leerlinge van Julie 1904 tot September 1904 vermeerder van 6991 tot 7247, en die bedrag plaaslik ingesamel ten behoewe van onderwys, het £4,339 10s. beloop. Gedurende 1903 was die getal leerlinge in staatskole reeds 19,720 en die koste van die onderwys £351,531 15s. 6d.

Die verwoestende oorlog het die land en volk in armoede gedompel, sodat geldgebrek die reeds snelle uitbreiding en ontwikkeling van C.N.O.-skole ernstig aan bande gelê het. Om hierdie rede is baie Afrikaners gedwing om teen hulle sin hulle kinders na die vry goewermentskole te stuur. Die Hoofdkommissie vir C.N.O. sowel as die volks- en kerkleiers het herhaalde beroepe op ryk Afrikaners gedoen, maar hoewel daar min rykes was, het hierdie bevoorregte landgenote wat daar wel was nie bygedra wat van hulle verwag is nie [1]. Ook die heer Emous het uit Holland vermaan en bemoedig om die ouers te beweeg om self groter bydraes vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders te lewer [2].

Daar was by die volk ŉ opregte begeerte om hul taal te bewaar en die opvoeding van hulle kinders nie uit hulle hande te laat gaan nie. Dit het geblyk "dat de scholen die wij beoogen niet maar ontstaan uit zucht tot oppositie, maar uit de diepe overtuiging dat ouders 't recht hebben iets te zeggen over de onderwijs van hun kinderen.......dat indien wij hier niet waken, dan geven wij prijs wat wellicht nooit weer zal worden herwonnen" [3].

b. <u>Skoolkomitees in beheer van C.N.O.-skole.</u>

(1) <u>Geen sentrale wetgewende gesag.</u>

Aangesien daar aan die begin geen reglement of sentrale mag was wat beheer oor die stigting van skole uitgeoefen het nie, het ouers die inisiatief geneem en skole gestig en beheer soos hulle gewoond was om te doen in die dae van die Zuid Afrikaansche Republiek. ŉ Persoon uit die omgewing, gewoonlik /......

1. De Volksstem, 22.10.04.
Het Christelijk Schoolblad, 1.11.04.
2. Vriendenkring Brieweboek, 202.
3. De Volksstem, 21.9.04. Aangehaal uit "De Vereeniging".

gewoonlik die predikant, het 'n ouervergadering belê waarop besluit is om 'n skool te stig en 'n skoolkomitee te kies [1].

Die skoolkomitee of skoolbestuur, soos dit ook genoem is, het gewoonlik die volle verantwoordelikheid vir die skool aanvaar en dan ook dienooreenkomstig 'n eie huishoudelike reglement of huishoudelike reëls opgestel [2].

Die huishoudelike reglemente is dan ook opgestel om te pas by die plaaslike omstandighede en het in besonderhede van mekaar verskil. In hoofsaak het dit die samestelling, die wyse van samestelling en die lewensduur van die skoolkomitee vasgelê. Daar word duidelik omskrywe wie seggenskap het in skoolsake en sodoende ook wie stemgeregtig is by die verkiesing van die skoolbestuur. Verder word die finansiële reëlings, soos die heffing en invordering van skoolgelde, asook die ander verpligtinge van die skoolbestuur omskryf.

Waar daar onder normale omstandighede van regeringsweë 'n onderwysbeleid, waaraan uitvoering gegee moet word, deur wetgewing neergelê word, het die C.N.O.-skole juis spontaan, dog ongeorganiseerd ontstaan as reaksie teen die onderwysbeleid van die koloniale regering.

Die stukrag agter die C.N.O.-beweging was die

onwil van/......

---

1. Col. Sec. 14998/02, 12.11.02: Rapport van die Rustenburgse magistraat waarin hy sê: "...more energetic action is required on the part of the Education Department to open their own schools and to anticipate the action of the Rev. D. Postma, who is establishing Dutch schools and persuading people in the district to give him facilities as against Government officials".
Coetzee: Die Geskiedenis van Onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse Distrik, 95.
Cachet: Gedenkboek der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 73.
De Vereeniging, 12.8.03. Vrije school gestig onder leiding van ds. A. J. Louw. Te Middelburg is 'n kerkskool gestig. Sien ook Lötz: Geskiedenis van die Ontwikkeling van die Onderwys vir Blankes in die distrik Heidelberg, Transvaal, 97.

2. Lötz: a.w., Bylae B. Huishoudelike reglement van die Volkschool.
Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, Bylae C. Huishoudelike reglement der Uitkomst School.
De Volksstem, 14.1.05. Die skoolkommissie van die Bosfonteinskool dist. Middelburg, besluit om 'n "huishoudelike regulatie" op te stel.

onwil van die Afrikanerouer om sy kind na die staatskole van die regering te stuur en die oortuiging dat die onderwys en opvoeding van die kind die verantwoordelikheid van die ouer is, dat daar gelyke regte vir die Hollandse en Engelse tale moet wees en dat die onderwys in 'n christelike gees gegee moet word. Die ouers was dan ook tevrede met die skoolkomitee as hoogste gesag in die onderwys. Solank as wat die skoolkomitees die onderwysers aanstel, toesien dat die onderwys bevredigend is, in 'n Christelike gees en deur medium van Hollands gegee word, sou die ouers niks meer verlang nie.

(2) Aanstelling en besoldiging van die onderwyser.

'n Belangrike taak van die skoolkomitee was om geskikte onderwysers aan te stel. Dit was voorwaar 'n moeilike taak, want met die snelle uitbreiding van C.N.O.-skole en beter salarisse in die regeringskole, was geskikte onderwysers baie skaars. 'n Ondersoek na die kwalifikasies van onderwysers het aan die lig gebring dat van die 202 skoolhoofde, slegs 86 (42½%) in besit was van 'n onderwyserssertifikaat, 56 (27½%) was onopgelei maar het een of ander eksamen afgelê of is deur die regering van die Zuid Afrikaansche Republiek erken, terwyl 60 (30%) geen waarborg van geskiktheid kon lewer nie [1]. Met die kwalifikasies van assistente was dit nog treuriger gesteld.

Die ontslag van 'n onderwyser, selfs sonder opgaaf van redes [2], was in die hande van die skoolkomitee. Vir die onderwysers was daar dus geen beskerming nie, 'n argument wat deur die owerhede van die staatskole aangevoer is waarom die magte van skoolkomitees beperk moes wees tot 'n adviserende hoedanigheid.

Sover skoolkomitees by C.N.O.-skole bestaan het en die paar huishoudelike reglemente as maatstaf geneem kan word, was die skoolkomitee verantwoordelik vir die salaris van die onderwysers.

Behalwe die toelaes wat van die Hoofdkomitee vir C.N.O. ontvang/......

1. Vaandrgaer: De Beweging voor Christelijk Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 103.
2. Huishoudelike Regels der Uitkomst School, artikel 6.

C.N.O. ontvang is, moes die skoolkomitee self die res vind. Dit blyk dan ook dat die onderwyser dikwels die lydende party was.

Die Hoofdkomitee het, byvoorbeeld, die skool te Belfast in kennis gestel dat hy nie meer die subsidie kon betaal nie. Die skoolkomitee het toe op sy vergadering van 22.1.1904 besluit om die skool te sluit [1]. Na verdere beraad het hulle op 14.3.1904 besluit om die skool nie te sluit nie, maar om die assistente, mej. Coetzee, eervol te ontslaan. Haar salaris was £4 agterstallig [2].

By die Junie-vergadering versoek die hoof die komitee om sy salaris vir Mei en Junie voor 24 Junie te betaal. Die komitee besluit toe om nie ŉ belofte te maak nie, maar verkoop die w.c.-gebou aan hom vir 15/-, wat in die skoolfonds gestort sou word [3]. Deur ŉ donasie van £10, afkomstig van ds. P. C. Snyman van Steynsburg, Kaapkolonie, word die finansiële posisie enigsins verlig. Uit die notule van 15.11.04 blyk dit dat die maandelikse inkomste soos volg was: C.N.O.-subsidie £8 [4], kontribusies £1 17s. 11d. en bydraes van ouers £4. Totale inkomste: £13 17s. 11d. terwyl die hoof se salaris £15 per maand was. Die notule meld dat ouers groot bedrae agterstallig was [5].

In sy voorsittersrede het die voorsitter van die V.V.O.O.Z.A. [6] onder andere gesê:

> "'t Is geen gemakkelijke taak onderwijzer by C.N.O. te zijn onder de gegeven omstandigheden" 7).

Die enigste beperking op skoolkomitees was dat die Hoofdkommissie vir C.N.O. geen subsidies sou uitbetaal/......

---

1. Notulen Commissie van de School voor C.N.O., Belfast, 22.1.1904.
2. Id., Notule 14.3.1904.
3. Id., Notule 13.6.1904.
4. Die Hoofdkommissie het blykbaar voortgegaan met die betaling van die subsidie.
5. Uit die notule van 4.2.06 blyk dit dat die totale inkomste vir 1905, £242 0s. 11d. was.
6. Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika.
7. Het Kristelik Schoolblad, 1.7.06.

uitbetaal tensy die onderwyser behoorlik gekwalifiseerd of 'n erkende onderwyser was nie [1]. Ongekwalifiseerde of nie-erkende onderwysers is nie gehelp nie.

(3) Algemene pligte van komitees.

Die skoolkomitees was verantwoordelik vir die oprigting en instandhouding van die skoolgebou.

Die interne organisasie van die skool, soos keuse van leerboeke, roosters ensovoorts, is aan die hoof oorgelaat. Die skoolkomitees sou klagtes van ouers aanhoor, die lengte van die skooldag bepaal en vakansietye vasstel. Notules en finansiële state moes gehou word en leermiddels en skoolmeubels moes aangekoop word. Die skoolkomitees moes gereeld, ten minste een maal per jaar, tydens 'n ouervergadering, aan die ouers verslag doen oor alle skoolsake. Gewoonlik is ook by hierdie ouervergadering die nuwe skoolkomitee gekies [2].

4. Die stryd om ouerseggenskap in die onderwys.

Die vernaamste oorsaak en behoudende faktor in die C.N.O.-beweging was die grondbeginsel van ouerseggenskap in die onderwys. Die regte van die Hollandse taal en die Christelike gees in die onderwys sou behou word indien die ouer die onderwys plaaslik kon beheer deur die onderwyser aan te stel.

Die voorstanders van C.N.O. wou seggenskap hê deur middel van skoolkomitees deur die ouers gekies, met staatsubsidies/....

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 230. 'n Erkende onderwyser sou dié wees wat deur die voormalige Zuid Afrikaansche Republiek erken is.
Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 101.

2. Huishoudelike Regels der Uitkomst School.
Huishoudelike reglement van die Volkschool.
Snyman: 'n Histories-Kritiese studie oor die ontwikkeling van blankes in die distrik Marico Transvaal, 109.
Hoon: Geskiedenis van onderwys van blankes in Schweizer-Reneke en omstreke, 58.
De Vereeniging, 12.8.03: "Overal is men bezig schoolgebouwen op te richten en zal er weldra in die behoefte aan degelijk Hollandsch en Engelsch onderwys voorsien worden, en wel onder toezicht van School-Commissies door de belanghebbenden zelven gekozen".

met staatsubsidies vir skole. Die nuwe Britse owerheid wou aanvanklik geen ouerseggenskap in die onderwys erken nie en daarby ook geen subsidies aan privaatskole betaal nie. Die stryd het dus aan die een kant om ouerseggenskap en aan die ander kant om die betaling van staatsubsidies deur die regering gegaan.

Aan die stryd het die Hoofdkommissie vir C.N.O., die Kerk, die Het Volk-party en die ouers deelgeneem.

a. <u>Die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die Owerheid</u>.

Alhoewel die C.N.O.-beweging aanvanklik vinnig uitgebrei het en daar toereikende finansiële steun uit Holland gekom het, het die hele aangeleentheid van die finansiering van die onderwys soos 'n sware las op die Hoofdkommissie vir C.N.O. gedruk. Aansluitend hierby is die oortuiging gehuldig dat die staat die onderwys van die volk moes subsidieer. Onderhandelings is dus voortdurend met die regering gevoer om erkenning te verkry vir die grondbeginsels van die C.N.O., dit wil sê, ouerseggenskap by die benoeming van die onderwyser, gelyke regte vir die Hollandse en Engelse taal en die betaling van staatsubsidies vir vrye skole.

Gedurende September 1903 is onderhandelings aangeknoop en het mnr. Fabian Ware, direkteur van onderwys, voorstelle in verband met 'n registrasieraad vir onderwysers aan die Hoofdkommissie vir C.N.O. voorgelê. In antwoord hierop is ds. M. Postma afgevaardig om sekere gewysigde voorstelle aan die direkteur van onderwys te oorhandig. In sy voorstelle versoek die Hoofdkommissie:

i. die stigting van 'n registrasieraad vir onderwysers;

ii. die raad stel, in samewerking met die direkteur van onderwys, die kwalifikasies van die onderwysers vas. Die skoolkomitees van die C.N.O.-skole sou dan volgens daardie kwalifikasies hulle eie onderwysers benoem;

iii. die raad bepaal ook die pligte en magte van die skoolkomitees. Indien dit bepaal is, kon die direkteur van onderwys in alle ander sake sy opdragte gee 1).

Op 1 Desember 1903 voer generaals Botha, Smuts en Burger/........

1. Lt. G. 129/114/8: Voorstelle vervat in brief gedateer 21.11.03.

en Burger namens die Hoofdkommissie vir C.N.O., samesprekings met die owerheid [1]. Die eerste onderwerp van bespreking was die aanstelling van onderwysers. Die afvaardiging sou genoeë daarmee neem indien 'n registrasieraad, waarvan drie lede deur die Hoofdkommissie vir C.N.O. benoem is, opdrag sou ontvang om 'n naamlys van onderwysers op te stel, waaruit skoolkomitees dan hulle aanstellings kon maak.

Tweedens is die kwessie van die Hollandse taal bespreek. Generaal Smuts sou aangevoer het dat die gebruik van die Hollandse taal as medium van onderrig aan beginners aan die oordeel van die onderwyser oorgelaat moes word en dat Engels in alle klasse bo standerd twee die enigste medium van onderrig sou wees [2].

Dieselfde middag nog het die afgevaardigdes verslag gedoen aan die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die volgende voorstelle voorgelê, wat, volgens hulle, vir die regering aanneemlik sou wees:

i. Skoolkomitees sou toegestaan word by alle skole in groot dorpe waar meer as 100 leerlinge, en in kleiner dorpe waar meer as 50 leerlinge ingeskryf is.

ii. Skoolkomitees sou gekies word deur ouers en mans wat die skoolgelde van èèn leerling elk betaal.

iii. Die direkteur van onderwys sou, in oorleg met die Hoofdkommissie vir C.N.O., die vereiste kwalifikasies vir onderwysers vasstel.

iv. Die skoolkomitees sou, onderworpe aan die goedkeuring van die direkteur, onderwysers benoem.

v. Die skoolkomitees sou die helfte van die onderwyskoste en die regering die ander helfte betaal. In gebiede van groter armoede sou die regering bereid wees om tot 'n maksimum van twee-derdes van die koste by te dra .

vi. Die skoolkomi-/.......

1. Lt. G. 129/114/8: Hierdie samesprekings het plaasgevind tussen generaals L. Botha, J. Smuts S. W. Burger en die prokureur-generaal, die koloniale sekretaris en die direkteur van onderwys.

2. Lt. G. 129/114/8: Vergadering gehou op 1.12.03.

vi. Die skoolkomitee sou kon aanbeveel dat die onderwys tot standerd drie in Hollands moes wees 1).

Die Hoofdkommissie wou hierdie voorstelle nie aanvaar nie en die volgende dag besoek di. Bosman en Postma die direkteur van onderwys. Hulle deel hom mee dat, indien daar tot 'n ooreenkoms geraak word, dit die hele onderwysstelsel sou raak en dat die Hoofdkommissie sou ontbind en alle C.N.O.-skole by die goewermentskole sou inlyf. Die twee here het die direkteur meegedeel dat die Hoofdkommissie by hulle voorstelle van 21.11.03 staan [2].

In 'n verslag aan die luitenant-goewerneur toon Ware die verskil aan tussen die opvattings van generaal Smuts en die Hoofdkommissie vir C.N.O. Generaal Smuts sou tevrede wees met 'n registrasieraad bestaande uit ses lede wat 'n naamlys van onderwysers moes opstel, en wat die Hollandse taal betref sou hy tevrede wees indien Hollands tot standerd twee as medium gebruik word. Die regering, aldus Ware, sou nie bereid wees om verder te gaan as generaal Smuts se opvattings nie [3].

In sy memorandum het Ware daarop gewys dat die C.N.O.-beweging steeds sterker geword en "the existence of so considerable a system, based on antagonism to the policy of the government, and working in opposition to an educational system which has its end and aim the amalgamation of the two races, is a danger to the cause of conciliation, the removal of which might well justify some risk and some sacrifice" [4].

Op 9.2.1904/.........

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 262 e.v.
2. Lt. G. 129/114/8. Die voorstelle van 21.11.03 het net gehandel oor 'n registrasieraad vir onderwysers en geen melding is gemaak van die regte van die Hollandse taal nie. Later sou dit 'n middel in die hand van die regering wees om sekere voorstelle uit C.N.O.-geledere af te weer.
3. Lt. G. 129/114/8.
4. Ibid.

Op 9.2.1904 het generaal Botha in 'n brief aan Duncan, die koloniale sekretaris, daarop gewys dat die Hoofdkommissie vir C.N.O. nog geen skriftelike antwoord op hulle voorstelle van die owerheid ontvang het nie. Terselfdertyd meld hy dat hy en generaal Smuts gewillig is om enige probleme of moeilikhede wat daar mag wees, met die regering te bespreek [1].

Duncan het geantwoord:

> "As you know, the question is one which raises many difficult points. The change which we have now to consider from our present system to one of local control is a very important one, and it is naturally difficult without long discussions to settle the policy which the Government should adopt on many of the points involved".

Nietemin het Duncan die wenslikheid van verdere samesprekings gesteun [2].

Nadat die sekretaris van die Hoofdkommissie vir C.N.O. Ware om 'n amptelike antwoord op hulle voorstelle gevra het, het hy 'n volledige memorandum aan hulle voorgelê waarin die besluite van die regering uiteengesit is:

i. Gedurende en na die oorlog het skole so snel vermeerder dat 'n gesentraliseerde stelsel van beheer noodsaaklik was om goeie onderwysers en diensvoorwaardes te verseker. Aangesien daar van tyd tot tyd vertoë tot die regering gerig is ten gunste van plaaslike beheer, is die regering die mening toegedaan dat die tyd nou ryp is vir die toekenning van 'n mate van plaaslike bestuur, wat die belangstelling van die ouers kan prikkel en terselfdertyd die swaar finansiële las, wat op die staat rus, kan verlig.

ii. Die regering is nie ten gunste van 'n skoolkomitee vir elke skool nie èn is van plan om "Local Education boards", aan wie die bestuur van skole in hulle distrik toevertrou word, te stig. Drie-vyfdes van die lede van hierdie rade sou deur die blanke huishouers gekies word en die ander twee-vyfdes deur die luitenant-goewerneur benoem word. Die magte van die rade sou afhang van die finansiële verantwoordelikheid wat hulle sou dra, maar sou in elk geval algemeen van aard wees.

iii. Indien die blanke huishouers van 'n distrik ten gunste daarvan is, kon 'n raad belastings hef waarmee hulle die helfte van die onderwyskoste in hulle distrik moes dek. Rade wat die helfte van die koste dra, kon onder-

wysers benoem/.....

1. Secr. Tvl. Adm. 1028/019/04. Brief Botha aan Duncan, 9.2.04.

2. Id., Brief Duncan aan Botha, 12.2.04.

wysers benoem uit 'n lys deur die direkteur van onderwys saamgestel. Geen onderwyser mog egter ontslaan word sonder die toestemming van die direkteur nie.

iv. Die toelae van die regering aan skole sou afhang van die inspeksieverslae en onderworpe wees aan die gebruik van die leerplanne van die onderwysdepartement.

v. In gevalle waar die inwoners van die distrik nie ten gunste is van 'n plaaslike belasting nie, sou die rade slegs adviserend van aard wees. Hulle kon egter in die voorregte deel indien die raad self onderneem om die helfte van die koste te dra.

vi. C.N.O.-skole wat bereid sou wees om die helfte van die koste te dra en die regeringsleerplan te volg, sou in dieselfde voorregte deel by die aanstelling van die onderwyser.

vii. Privaatskole sou, met die oog op sekondêre onderwys, 'n £-vir-£-toelae van die regering ontvang en beheer word deur 'n beherende liggaam, waarvan drie-vyfdes van die lede aangestel word deur die trustees van die skool en twee-vyfdes deur die regering benoem word. Hierdie reëling sou egter tydelik wees, en sodra 'n raad in 'n distrik gestig is, sou die regering nie meer subsidies betaal aan skole wat verkies om buite die beheer van die raad te bly nie.

viii. Waar 'n C.N.O.- en goewermentskool naby mekaar geleë is, moes die twee skole saamsmelt.

Indien die Hoofdkommissie vir C.N.O. bogenoemde voorstelle sou aanvaar, dan moes die kommissie self ontbind [1].

Die Hoofdkommissie vir C.N.O. was egter nie bereid om die voorstelle te aanvaar nie en het Ware dienooreenkomstig in kennis gestel. Die Hoofdkommissie het gevoel dat die regering nie ernstige aandag aan sy voorstelle geskenk het nie en dat die kwessie van die Hollandse taal nie eens in die memorandum aangeroer word nie [2].

In antwoord op bogenoemde besluit het Ware verwys na samesprekings wat plaasgevind het tussen Milner (goewerneur), Lawley (luitenant-goewerneur), Duncan

(koloniale/.......

1. Lt.G. 129/114/8: Brief van Ware aan Hoofdkommissie vir C.N.O.

2. Lt. G. 129/114/8: Brief van H. Visscher aan Ware, 16.3.1904.

(koloniale-sekretaris), Ware (direkteur van onderwys) en Botha en Smuts [1], waarin Milner dit baie duidelik aan die twee here gestel het dat die memorandum slegs voorstelle vir verdere onderhandelings bevat en nie die finale besluit van die regering is nie. Ware kom tot die gevolgtrekking dat die verteenwoordigers van die C.N.O. nie verder wil onderhandel nie [2].

Hierop het die Hoofdkommissie geantwoord dat hy wel bereid is om verdere samesprekings te voer [3], waarop Ware geantwoord het dat die Hoofdkommissie die inisiatief moet neem vir enige verdere onderhandelings [4].

Op 13 April 1904 het die Hoofdkommissie weer met Ware in verbinding getree en hulle twee grondbeginsels gestel vir verdere onderhandeling [5]. Ware het egter hierop gereageer deur te sê dat die C.N.O.-leiers nie op die voorstelle in sy memorandum reageer nie en onder omstandighede voel hy dat daar nie verder gevorder sal word met die onderhandelings nie [6].

Eers weer na die Onderwyskongres van Maart 1906 het die Hoofdkommissie vir C.N.O. met die regering in verbinding getree. Na aanleiding van die besluite wat op hierdie kongres geneem is, is 'n onderhoud met die luitenant-goewerneur aangevra en sy aandag op die volgende besluite gevestig:

i. Die Hoofdkommissie vir C.N.O., saam met die Hoofdkomitee van Het Volk, dring aan op 'n subsidie vir C.N.O.-skole, aangesien alle ouers belastings betaal en verder ook omdat aan naturellesendingskole deur die regering subsidie betaal word.

ii. Die kongres spreek sy afkeur uit oor die artikel in die onderwyswet van 1903 wat die onderwysdepartement die reg verleen om in te meng met die sake van privaatskole en die mag gee om skole/........

---

1. Hierdie samesprekings het waarskynlik plaasgevind op versoek van Botha. Sien brief Botha aan Duncan, 9.2.04 op bladsy 115.
2. Lt. G. 129/114/8: Brief van Ware aan Visscher, 16.3.04.
3. Id., Brief Visscher aan Ware, 19.3.04.
4. Id., Brief Ware aan Visscher, 21.3.04.
5. Secr. Tvl. Adm. 1028/019/04: Brief Visscher aan Ware, 13.4.04.
6. Id., Brief Ware aan Visscher 16.4.04.

skole, waar die onderwysers geen bevoegdheidssertifikate besit nie, te sluit 1).

Op 28 April het Duncan, koloniale sekretaris, hierop geantwoord en aangevoer dat die regering geen skole sal subsidieer wat nie die regeringsleerplan volg nie; en wat die tweede besluit betref, deel hy mee dat die regering nog nie besluit het om die ordonnansie ten volle uit te voer nie. Hy is egter bereid om enige gevalle waar onderwysers as gevolg van hierdie wetgewing gely het, te laat ondersoek [2].

Die aangevraagde onderhoud tussen die leiers van C.N.O. en Het Volk en die luitenant-goewerneur het op 22 Mei 1906 plaasgevind. Die samesprekings het egter tot niks konkreets gelei nie [3]. Op 2 Junie 1906 het die sekretaris van C.N.O. aan die luitenant-goewerneur geskrywe om sy leedwese te kenne te gee oor die weiering van die regering om die C.N.O.-skole te subsidieer. Hy skrywe dat "naar ons bescheiden mening hoort die Regering, die boven alle partijen staat, scholen van alle partijen gelijkelijk te subsidieeren, latende aan de ouders het recht om in eersten instantie te bepalen wat hun kind zal worden onderwezen en door wien" [4].

Toe die tweede kongres van die C.N.O.-organisasie in April 1907 plaasgevind het, het die verkiesing vir die nuwe Volksraad reeds plaasgevind en die Het Volk-party met sy beleid van "Elementair kosteloos staatsonderwijs in plaats van de gesubsidieerde ouderschool" was aan die bewind [5].

Generaal Smuts, die nuwe minister van onderwys, was op die kongres teenwoordig om sy beleid te verduidelik. Hy het onomwonde verklaar dat hy hom hou by die beleid van sy party en dat die regering nie bereid is/......

1. Lt.G. 132/114/98. Brief Visscher aan Duncan. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 303.
2. Lt. G. 130/114/98. Brief Duncan aan Visscher, 28.4.06.
3. Ibid.
4. Lt. G. 132/114/98. Brief Visscher aan Duncan, 2.6.06.
5. Vaandrager: De Beweging voor Christelik Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 116.

reid is om enige subsidie aan C.N.O.-skole te betaal nie.

Na die vertrek van genl. Smuts het die kongres die aangeleentheid bespreek en uit die bespreking het duidelik geblyk dat die C.N.O.-voorstanders uit drie groepe bestaan:

i. hulle wat hou by die vrye skool, d.w.s. uitgaande van die ouers, gesubsidieer deur die staat;

ii. hulle wat bogenoemde as ideaal stel, maar wat hulle tevrede sou stel met verbeterde staatsonderwys;

iii. hulle wat nie ten gunste van die vrye skool is nie, maar dit om politieke redes gesteun het.

Nieteenstaande die besliste houding van Smuts en verdeeldheid in eie geledere, het die kongres tog besluit om voort te gaan met die stelsel van vry onderwys. 'n Nuwe Hoofdkommissie is gekies, wat egter nooit tot kragtige dade oorgegaan het nie. Die sekretaris, H. Visscher, het bedank en word vanaf 1 Mei 1906 amptenaar van die onderwysdepartement. Hy sou reëlings tref vir die oorname van die C.N.O.-skole. Hiermee het die werksaamhede van die Hoofdkommissie vir C.N.O. ten einde geloop [1].

b. Milner doen verslag aan Lyttleton.

Na aanleiding van die onderhandelings tussen die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die regering, het Milner 'n verslag saamgestel wat hy aan sir Alfred Lyttleton, koloniale sekretaris vir Engeland, gestuur het.

In sy verslag beskryf hy die C.N.O.-beweging en die beginsels waarvoor hulle staan. Hy vermeld onder andere dat die regering nie die magte, kragtens artikel 7 (1) van die Onderwysordonnansie 1903 aan hom verleen, toepas op die C.N.O.-skole nie, aangesien dit die indruk sou skep dat die regering van plan is om die organisasie te onderdruk.

Milner sien twee groepe in die C.N.O.-geledere: die een groep is begerig om voort te gaan met die onderhandelings, terwyl die ander groep daarop uit is om 'n voorwendsel te soek om die onderhandelings te beëindig. Volgens hom oorheers laasgenoemde groep die Hoofdkommissie/...

1. Vaandrager: De Beweging voor Christelijk Nationaal Onderwys in Zuid-Afrika, 116.

die Hoofdkommissie vir C.N.O.

Ten slotte gee hy 'n paar redes waarom dit wenslik is dat daar tot 'n ooreenkoms geraak moet word. Hy voel dat die bestaan van twee onderwysstelsels 'n geldverkwisting is; die bestaan van die C.N.O.-skole maak dit moeilik vir die regering om van die bekwame Hollandse onderwysers na die staatskole te trek, en solank as daar 'n stryd tussen die regering en die kerke is, sal dit die regering strem in die toepassing van sy beleid van plaaslike bestuur in opvoedkundige sake wat, om baie redes, tog wenslik is [1].

c. Die aandeel van die Hollandse Kerke aan die stryd.

Die belangstelling van die kerk in die onderwys het steeds wakker gebly. Dit was dan ook die kerk wat 'n leidende aandeel geneem het in die stryd om die behoud van die stelsel van Christelik Nasionale Onderwys. Die samestelling van die Hoofdkommissie vir C.N.O. is ook 'n bewys van die rol wat die kerk in onderwysaangeleenthede gespeel het.

In sy onderwysrapport (1900-1904) laat Sargant hom soos volg uit oor die stryd van die kerk:

> "There are remarkable analogies between action of the Dutch church at this time, and the action of the Anglican church at various crises in the educational history of England. The very name "national", which distinguishes the primary schools of the Church of England, points an analogy" 2).

(1) Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.

Op 3 Oktober 1902 het 'n kerklike kommissie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, bestaande uit di. H. J. L. du Toit (voorsitter), H. S. Bosman (skriba), D. P. Ackerman, A. J. Louw, H. L. Neethling, C. J. Neethling (snr.), mnre. J. C. H. Pistorius en B. J. J. Vermaas 'n aantal vrae oor onderwys aan die koloniale sekretaris, mnr. W. E. Davidson, gerig, waarop hy op 15 November 1902 geantwoord het. Hy het die vrae en antwoorde as

volg/......

1. Lt. G. 129/114/8. Milner aan Lyttleton, 13.6.04.
2. T.O.D.-Rapport 1900 - 1904, 53.

volg getabuleer [1]:

| Vraag van kerklike kommissie. | Antwoord van koloniale sekretaris. |
|---|---|
| 1. Sal skole in alle dorpe en distrikswyke gestig word ? | 1. Skole is reeds in die meeste vernaamste dorpe en in baie distrikswyke geopen en ander sal so gou moontlik gestig word. |
| 2. Indien wel, onder wie se beheer sal die skole geplaas word ? | 2. Hulle staan onder kontrole van die onderwysdepartement en onder toesig van inspekteurs in die verskillende wyke. |
| 3. Indien die beheer aan skoolkomitees toevertrou word, deur wie word hulle gekies en wie mag lede wees ? | 3. Amptenare sal skole binne afgebakende gebiede organiseer, en van hulle word verwag om op hoogte te wees met die wense en behoeftes van die inwoners. Alles sal op simpatieke wyse gedoen word, totdat die wedersydse vertroue tussen al die seksies van die inwoners sodanig is dat plaaslike bestuur in een of ander vorm toegestaan kan word. |
| 4. Wie stel die onderwysers aan en wat sal die vereiste kwalifikasies van die onderwysers in dorp- en distrikskole wees ? | 4. Die goewerment stel onderwysers aan. Onderwysers uit Normaalskole moet die voorgeskrewe kwalifikasies behaal. Republikeinse onderwysers sal simpatieke behandeling geniet, en as hulle nie genoeg Engels ken nie, sal hulle gratis klasse kan volg in hierdie taal. |

5. Sal/.......

1. Col. Secr. Cor. 209/17624/02. Brief van koloniale sekretaris (W. E. Davidson) aan die "Kerkelijke Commissie", 15.11.1902.

| | |
|---|---|
| 5. Sal geleentheid gegee word vir onderwys in Hollands met Hollands as medium? Indien wel, hoeveel tyd sal in laer en hoër standerds daaraan bestee word ? | 5. Ja, as ouers dit verlang. Sovér moontlik sal volgens moderne opvattings Hollands as medium gebruik word. Die maksimum lesure sal 3 uur per week wees. 2 Uur Bybelles in Hollands sal op versoek van ouers toegestaan word. Eweveel tyd in laer en hoër standerds. |
| 6. Watter rol sal die kerk speel in die opvoeding van die jeug ? | 6. Die regering sal hulp verwelkom, veral waar die kerk kan bydra tot die morele en godsdienstige ontwikkeling van hulle kinders. |

Die antwoorde van die koloniale sekretaris het nie veel ingehou nie, behalwe dat die regeringsbeleid om aanvanklik skole sentraal te beheer duidelik daaruit blyk. Vae beloftes in verband met die toekenning van plaaslike bestuur was daar ook. Die kerklike kommissie sou moes wag op die publikasie van die onderwysordonnansie van 1903 om presies te weet wat die regeringsbeleid gaan wees.

In 'n persoonlike brief skrywe die koloniale sekretaris soos volg aan sir Arthur Lawley, luitenant-goewerneur, in verband met die onderhoud wat hy met die kerklike kommissie gehad het:

> "The proceedings were amiable and some of the deputation charming persons - Ackerman, the elder Neethling, Vermaas and I think Du Toit. Louw was the only man who really showed his hand. He was ready with some of the stock phrases, which I had much pleasure in shutting up to the gratification of the others. If men like Louw and Bosman would only let them, the others would make friends quickly" 1).

Hierdie persoonlike opmerking lig so effens die sluier en openbaar die gesindheid van die regeringshoofde teenoor die Afrikaners.

By die/........

1. Col. Sec. Correspondence. 209/17624/02. Brief Davidson aan Lawley, 3.10.1902.

By die sitting van die sewende sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Mei 1903, was die onderwys een van die belangrike beskrywingspunte op die sakelys. Uit die beskrywingspunte afkomstig van verskillende ringe, korrespondensie tussen die kerklike kommissie en die luitenant-goewerneur, proklamasie nommer 9 van 1902 en onderwysordonnansie nommer 7 van 1903 neem die vergadering kennis van die volgende:

1. Die houding van die regering met betrekking tot die onderwys:
   a. Die bestuur van skole is in die hand van die direkteur van onderwys.
   b. Eiendomme van gesubsidieerde skole van die Republiek word gekonfiskeer.
   c. Die Hollandse taal word op die agtergrond gestoot deur die slegs drie uur per week onderrig en twee uur Bybelse onderwys daarin.
   d. Die houding van die regering is aanmatigend deur privaatskole te wil inspekteer met die oog op gesondheidstoestande, registers, en deur te eis dat onderwysers na 1 Februarie 1906 dieselfde kwalifikasies moes hê as onderwysers in staatskole.
2. Daar heers groot ontevredenheid in die verskillende gemeentes oor die bestaande onderwysstelsel van die regering 1).

Die kerklike kommissie vir onderwys en opvoeding beveel by die sinode aan dat 'n memorandum, geteken deur al die lede van die vergadering aan die luitenant-goewerneur voorgelê word waarin gevra word:

a. Dat ooreenkomstig artikel 122 van die kerkwet die regering die kerk in geleentheid sal stel om die onderwys en opvoeding van sy kinders te behartig deur 'n stelsel van selfbesturende skole in te stel, waar die ouers en voogde van skoolgaande kinders die besture kies, wat die onderwysers sal benoem onderhewig aan die goedkeuring van die onderwysdepartement. Die skoolbesture sal saam met die departement toesig hou.
b. Dat ooreenkomstig die gees van die vrede van Vereeniging, ten minste vyf uur per week aan die onderrig van die Hollandse taal toegestaan sal word, benewens twee-en-'n-half uur onderwys in Bybelse geskiedenis.
c. Dat die regering sal afsien van die artikel in die onderwysordonnansie insake inspeksie en sluiting van privaatskole.

Indien/.......

1. Notulen van de Zevende Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 150 e.v.

Indien die regering nie gehoor wil gee nie, beveel die kommissie verder aan:

a. 'n Waaksaamheidskomitee.

b. Samewerking met die Hervormde en Gereformeerde kerke om 'n memorie op te stel, te laat teken en druk en deur die land te versprei.

c. Samewerking met die Hoofdkommissie vir C.N.O. om vrye skole te stig, leerplanne op te stel en fondse in te samel.

d. Verstrekking van regsadvies om die vervreemding van skooleiendom teen te gaan 1).

Na deeglike bespreking van die aanbevelings van die kommissie [2], is 'n memorie opgestel en onderteken deur al die afgevaardigdes na die sinode. Hierdie petisie is op 11 Mei 1903 na die luitenant-goewerneur gestuur met die versoeke:

a. Dat ouers skoolkommissies mag kies, wat toesig oor skole kon hou, en onderwysers mag aanstel, onderworpe aan die goedkeuring van die onderwysdepartement.

b. Dat vyf uur per week toegestaan sal word vir die onderwys van Hollands, behalwe twee-en-'n-half uur vir Bybelse onderrig in Hollands.

c. Dat die artikel in die onderwysordonnansie van 1903 wat betrekking het op die inspeksie van privaatskole geskrap word 3).

Na aanleiding van bogenoemde memorandum het 'n af-

vaardiging/......

---

1. Notulen van de Zevende Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 151.

2. Notulen van de Zevende Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 45 e.v. Tydens die debat het ds. Bosman verslag gedoen van 'n onderhoud met Chamberlain op 7.1.1903. Ds. Bosman het veral sy standpunt gestel omdat Chamberlain en Lawley (wat teenwoordig was) beweer het dat hy te kenne sou gegee het dat hy tevrede was met die taalklousule van die onderwyswet. Die sinode het sy verduideliking aanvaar. Predikante van Krugersdorp, Boksburg, Pretoria, Middelburg, Zoutpansberg, Vryheid, Fordsburg, Langlaagte, Klerksdorp en verskillende ouderlinge het aan die bespreking deelgeneem. Saamgevat het die volgende gesigspunte na vore gekom:
   a. Die aanstelling van skoolbesture deur die ouers en publiek is van meer belang as die kwessie van die aantal ure wat gewy word aan die Hollandse taal.
   b. Die ouer se aanstellingsreg van die onderwyser verseker 'n wakende oog oor die gees van die onderwys.
   c. Die kerk het volgens kerkwet en doopbelofte 'n plig en moet seggenskap hê by die aanstelling van die onderwyser.

3. Id., 62.

vaardiging van die sinode op 13 Mei 1903 'n onderhoud met die luitenant-goewerneur, die koloniale sekretaris en die waarnemende direkteur van onderwys gehad [1].

Na die onderhoud het die luitenant-goewerneur, sir Arthur Lawley, op 18 Mei 1903 skriftelik geantwoord op die memorandum van die kerk [2]. Hy het die beginsel gestel waarby die regering staan: laer onderwys sou vry wees, onderwysers sou deur die onderwysdepartement benoem word, plaaslike komitees sou geen sekuriteit aan die onderwyser gee nie, "advisory boards" word in die vooruitsig gestel. Die predikante word uitgenooi om self die godsdiensonderwys waar te neem, en verder word aan die hand gedoen dat die Hollandse kerke geskikte persone as inspekteurs benoem om skole te besoek en vas te stel of die onderrig van Hollands bevredigend is.

Na die mislukte onderhandelings het die vergadering die volgende besluite geneem:

> "(De Kerk) zal zich in zamewerking met die Commissie voor Christelijk Nationaal Onderwijs hier ter stede beijveren in de oprichten van vrije scholen in ons land en waar onze belangen zulks vorderen; er zal een uitgewerkt leerplan met opgave van alle verplichte leervakken daargesteld worden; en tot bewerking van dit alles zullen verdere fondsen bijeengebracht worden. Plaatselijke belanghebbenden zullen gesteund worden door rechtelijk advies als anderzins, om te verhinderen dat schooleigendommen ons ontvreemd worden" 3).

'n Waaksaamheidskomitee is saamgestel om in samewerking met die ander Hollandse kerke hulle te beywer vir C.N.O., en "om meerdere concessies van de Regeering te verkrijgen" [4].

By die agste sitting van die sinode in Mei 1906 het die/.......

1. De Volksstem, 16.5.03, 20.5.03.
2. N. G. Kerk-argiefstuk S. I. -7/1903. Brief Lawley aan Algemene Vergadering, 18.5.03.
3. Notulen van de Zevende Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Zuid-Afrika, 103.
4. Ibid.

het die waaksaamheidskomitee soos volg verslag gedoen van sy werksaamhede:

a. Die susterkerke het hulle bereidwilligheid tot hartlike samewerking verseker.

b. Adv. J. C. Smuts en prokureur J. de Villiers Roos het hulle regsadvies ten opsigte van die onteiening van eiendomme kosteloos aangebied.

c. Die komitee het sy stryd nou vereenselwig met dié van die ander kerke, die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die Volksleiers. Hierdie samewerking met die ander kerke het gelei tot die eerste onderwyskongres van Desember 1903 1).

Die waaksaamheidskomitee het ook 'n memorandum oor die Selborne-minute aan die onderwyskongres voorgelê waarin hy sy teleurstelling uitspreek oor die inhoud van die dokument.

"Wij hadden tenminste verwacht dat:

a. De Rechten van ons volk om mee te doen in deze belangrike zaak;

b. Van de ouders om ter eerste instantie te zorgen voor de opvoeding hunner kinderen;

c. Van onze Taal om eene waardige plaats in te nemen in het leerplan;

erkend zouden worden" [2].

Die komitee het hom uitgespreek teen die adviserende hoedanigheid van die skoolkomitee en skoolrade. "Het verkrijgen van de rechte onderwijzers, d.w.z. onderwijzers in simpatie met de ouders en hunne kinderen op 't gebied van taal, zeden en godsdienst, is voor ons van het allergrootsten belang" [3]. Die komitee kon hom nie vereenselwig met die idee dat vakatures tydelik deur inspekteurs gevul moes word nie. "Liefst zagen wij het beproefdt stelsel hersteld, namelijk de aanstelling van onderwijzers door School Commissies, by wijze van applicaties, welke aanstelling onderworpe zal zijn aan de goed- of afkeuring van het

Directeur/........

---

1. Notulen van de Achste Sinode van de Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika, Bylae XXIV, 224 e.v.
2, Id., 226.
3. Ibid.

Directeur van Onderwijs" [1].

Van nou af het die stryd van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk saamgesmelt met dié van die ander voorstanders van C.N.O. Die algemene vergadering van die sinode het dan ook weer 'n waaksaamheidskomitee benoem om saam met die ander organisasies "te trachten óf een bestaanbare onderwijswet te verkrijgen, óf subsidie te vragen voor onze scholen, hetzy C.N.O.- of kerkscholen door middel b.v. van monsterpetities of langs een anderen weg, die zich mag openen" [2].

Die verskillende kerkrade en individuele predikante het hulle dan ook baie beywer vir die stigting van kerkskole of "vrijen scholen" [3]. Die gees en grondbeginsels van hierdie skole was in wese dieselfde.

Ten slotte moet vermeld word dat die kerk hom uitgespreek het teen die gee van sektariese onderrig in staatskole deur predikante van verskillende kerkgenootskappe [4].

(2) <u>Die aandeel van die Gereformeerde Kerk</u>.

Die Gereformeerde Kerk het die C.N.O.-beweging met woord en daad bygestaan. Die meerderheid van die lede van die "Vriendenkring" was lidmate van die Gereformeerde Kerk, o.a. W. Klooster, M. Vaandrager, H. Boneschans en H. H. van Rooijen. Die Gereformeerde Kerk was ook altyd goed verteenwoordig

op die /........

---

1. Notulen van de Achste Sinode van de Ned. Herv. of Geref. Kerk van Zuid-Afrika, Bylae XXIV, 226.

2. Id., 42. Ds. S. J. van der Spuy (Zeerust), ds. G. J. Rudolph (Rustenburg) en oudl. L. Geldenhuys (Johannesburg) het sonder opgawe van redes in die minderheid gestem. Di. Rudolph en Van der Spuy moes die staatskole goedgesind gewees het, want hulle het hulle verkiesbaar gestel vir die adviserende skoolrade onder die Selborne-minute.

3. De Vereeniging, 15.7.03, 26.8.03, 6.4.05.
De Volksstem, 10.8.04, 14.1.05.
Oosthuizen: Geskiedenis van die Ontwikkeling van die Onderwys vir Blankes in die Middelburg Distrik, 63.
Hoon: Geskiedenis van die Onderwys van Blankes in Schweizer-Reneke en omstreke, 58.
Venter: Die Groei van Onderwysaangeleenthede in Johannesburg, 339.
Dippenaar: Die Onderwys van Blankes in Krugersdorp, 122, 123.

4. Lt. G. 129/114/8: Petisie gerig aan luitenant-goewerneur op 24.10.1903.

op die Hoofdkommissie vir C.N.O., o.a. deur ds. D. Postma, dr. H. Reinink en H. Visscher.

Op sy eerste algemene kerkvergadering, gehou in April 1903, is daar besluit:

> "De vergadering oordeelt, dat het in de tegenwoordige tijden de ernstige roeping der respectieve kerkraden is, om alles, wat in hun vermogen is te doen tot bevordering van het Christelijk Nationaal Onderwijs by onze gemeenten, ..... zoo besluit de Vergadering eene Commissie af te vaardigen naar de Regeering om te bespreken de bezwaren, die er bij ons zijn tegen het tegenwoordig stelsel van onderwijs" 1).

'n Kommissie bestaande uit di. P. Postma en D. Postma en ouderlinge N. J. Grobler en E. E. Jordaan, is benoem om die saak van die onderwys met die regering te bespreek [2].

Die Gereformeerde Kerk het inderdaad met ongekende toewyding aan die werk gespring en 'n hele aantal C.N.O.-skole is in die verskillende gemeentes in die lewe geroep. In hierdie verband kan die naam van ds. D. Postma, van die gemeente Rustenburg, nie verswyg word nie [3].

Op die algemene kerkvergadering van 1904 het die kommissie insake onderwys soos volg gerapporteer:

1. In samewerking met die susterkerke is 'n leerplan vir C.N.O.-skole opgestel.
2. Tydens die samesprekings met die direkteur van onderwys, het hy sy bereidwilligheid te kenne gegee om die ouers beter verteenwoordiging op die skoolkomitees te verleen en hulle te vergun om self die onderwysers te kies. Onder hierdie voorwaardes sal die regering tweederdes, en die ouers een-derde van die onderwyskoste dra. Omtrent Hollands as voertaal kon hy geen belofte maak nie.
3. Die milde ondersteuning uit Holland sou na 1 April 1904 gestaak word.

Na rype beraadslaging word 'n kommissie van advies benoem om die algemene vergadering op hoogte te hou en

rapport/....

---

1. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 26.
2. Id., 27.
   De Volksstem, 6.5.03.
3. Col. Sec. Cor. 175/14998/02.
   Basson: Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, 398.
   Het Kerkblad, 15.5.04, 15.6.04, 15.9.04.

rapport uit te bring [1]. Tydens dieselfde vergadering het die kommissie soos volg verslag gedoen:

1. Die ouers, lidmate van die Gereformeerde Kerk, is op grond van Gods Woord geroep om die opvoeding van hulle kinders te behartig en te bekostig.
2. Die vergadering neem kennis van die moontlikheid om met die susterkerke saam te werk en van die onderhandelings tussen die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die regering.
3. Daar word gewys op die haglike toestand waarin die volk verkeer en die gebrek aan offervaardigheid, wat met alle mag aangekweek moet word.
4. Die kerkrade word aangeraai om in al wat onderwys is, die gereformeerde beginsel te bevestig 2).

Op die veertiende algemene vergadering (1904) is ook die stigting van kerkskole onder oppertoesig van die kerkraad oorweeg en in beginsel aanvaar [3].

Nadat dit reeds duidelik geword het dat die C.N.O.-skole deur die staat oorgeneem sou word, was dit veral die leiers van die Gereformeerde Kerk wat die gedagte van vrye skole voortgedra het.

Proff. J. Lion Cachet, J. Kamp, dr J. D. du Toit en ds. D. Postma was almal vurige kampvegters vir die vrye beginsel in die onderwys [4].

(3) Die rol van die Nederduits Hervormde Kerk.

Die Nederduits Hervormde Kerk het ook

sy bydrae/.....

---

1. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 27. Die kommissie het bestaan uit di. G. H. Kruger, M. Postma, dr. J. D. du Toit en ouderlinge H. P. Breytenbach en J. P. L. Snyman.
2. Id., 27-28.
3. De Synodale Bepalingen der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1904, 127. "De Synode.... beveelt (bij) het de kerk in het algemeen, en elken kerkraad en gemeente in het bijzonder ten zeerste aan, soveel mogelijk kerkelijke scholen op te richten op de dorpen, of ook in de afgelegen wijken onder den naam van "Buurtscholen", maar alleen onder bestuur of althans onder het oppertoezicht van het plaatselijken kerkeraad". "Kan een kerkeraad een kerkschool oprichten, dan doet die dat namens de gemeente ter harer hulp en op hare kosten".
4. Du Toit: Christelijk Onderwijs met of sonder Dogma. Cachet: Gedenkboek der Geref. Kerk van Zuid-Afrika. Kamp: De Vrije School met Gouverments Subsidie.

sy bydrae tot die bevordering van die Christelik Nasionale Onderwys gelewer.

Op die eerste algemene vergadering aan die begin van 1904 gehou, is 'n kommissie benoem om onderwyssake te behartig. Ds. M. J. Goddefroy (voorsitter), A. D. W. Wolmarans, F. A. Smith, W. J. Basson en L. L. Steen (sekretaris) was lede van die kommissie.

By die sittende vergadering is die volgende verslag deur hulle ingedien:

1. Die kerk sal met die regering onderhandel op voorwaarde dat die ouers die skoolkomitee en leerkragte kan benoem en dat die twee tale op skole wat deur die staat ondersteun word, gelyke regte sal hê.
2. Die Hoofdkommissie vir C.N.O. moet die toelaes aan arm kinders verhoog.
3. Samewerking van susterkerke moet verkry word met die oog op insameling van fondse.
4. Daar moet maandeliks kollektes vir onderwys deur die drie kerke gehou word 1).

Die samewerking tussen die drie kerke gedurende hierdie tydperk van stryd was baie hartlik, alhoewel daar ook beginselverskille was. Die Gereformeerde Kerk was 'n sterk voorstander van die vrye groepskool, terwyl hierdie strewe nie deur die Hervormde Kerk onderskryf is nie [2]. Ds. H. S. Bosman het namens die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk verklaar:

> "Ik wil Christelijk, Bijbelsch, maar geen sektarisch dogmatisch onderwijs op school" 3).

d. <u>Die Volksleiers en Het Volk-party se stryd vir C.N.O.</u>

Alhoewel die Boeregeneraals die wapenstryd verloor het, het hulle moedig die nuwe stryd om die behoud van Afrikanertradisies, sedes en godsdiens aangeknoop. Generaals Botha, Smuts, Burger, Beyers en die here Esselen en Wolmarans het 'n leeue-aandeel in die stryd gehad. Dit was dan ook hierdie manne, en veral generaals Smuts en Botha, wat die politieke leiers/.......

---

1. De Volksstem, 22.2.04.
2. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde Kerk, 425.
3. Report on Religious Instruction 1904-1905, 206.

leiers geword het en wat die onderwyspatroon in Transvaal sy finale beslag gegee het.

Vroeg in 1903 het die Boereleiers byeengekom om hulle griewe te formuleer en dit aan Chamberlain, wat toe op besoek in Transvaal was, voor te lê. Een van die versoeke was om gelyke taalregte, soos neergelê by die Vrede van Vereeniging. Ook hierdie versoek het nie verder gevorder as die vyf uur per week vir Hollands soos in die onderwysordonnansie vasgelê nie [1].

Die Boerebevolking wou meer georganiseerd optree, en dit het aanleiding gegee tot die stigting van Boereverenigings in die verskillende buitedistrikte. Selfs by die vergaderings van hierdie verenigings is die saak van die onderwys bespreek en het Boereleiers hulle beywer om die volk aan te moedig om C.N.O.-skole te ondersteun en geldelike bydraes te gee [2].

In Mei 1904 is ʼn kongres te Pretoria gehou waarheen afgevaardigdes van die verskillende Boereverenigings gestuur is. Generaals Botha en Burger is tot voorsitter en ondervoorsitter onderskeidelik gekies. Die saak van die onderwys is ook tydens hierdie kongres bespreek, en na afloop van die bespreking is ʼn besluit geneem waarin die regering versoek word om die onderwysstelsel so te wysig dat Hollands en Engels gelyke regte sou hê in goewermentskole en dat die bestuur van skole en die aanstelling van onderwysers aan skoolkomitees, deur ouers gekies, toevertrou sou word [3].

ʼn Onderwyskomitee, waarvan genl. Smuts ʼn lid was, is deur die kongres benoem, Die hele kongres het persoonlik hulle griewe aan Lawley, die luitenant-goewerneur, voorgelê. Insake die onderwys het die luitenant-goewerneur die reeds bekende standpunt van die regering/....

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 246. Die owerheid, en ook Chamberlain, het die twee uur vir Bybelse geskiedenis bereken as onderrig van Hollands.
2. De Volksstem, 4.7.03. Generaal Botha te Heidelberg, Transvaal.
   Lt. G. 129/114/Gen. Vergadering te Boekenhoutkloof, distrik Waterberg, 17.10.1903.
3. Symington: a.w., 268.

die regering gehandhaaf. Hy het verder gegaan deur die Hoofdkommissie vir C.N.O. daarvan te beskuldig dat hulle verantwoordelik was vir die mislukking van die onderhandelings [1].

Hierdie kongres het gelei tot die stigting van die Boereparty Het Volk, wat hom baie beywer het vir die C.N.O.

Gedurende Julie 1905 het die Het Volk-organisasie sy tweede kongres gehou. By hierdie kongres het die aksie van die kerke, van die Hoofdkommissie vir C.N.O. en die Hoofdkomitee van Het Volk saamgesmelt.

Deur drie predikante van die Hollandse kerke is 'n memorandum aan die kongres voorgelê waarin die leiers van die volkskongres versoek word om die saak van die C.N.O. kragtig ter hand te neem, want daar bestaan wel 'n sentrale liggaam maar geen organisasie nie. Die versoek van die kerkleiers het gelei tot die verkiesing van 'n nuwe Hoofdkommissie vir C.N.O., wat 'n onderwyskongres moes saamroep [2].

In Augustus 1905 het samesprekings plaasgevind tussen die Hoë-Kommisaris, lord Selborne, die luitenant-goewerneur, sir Arthur Lawley, die koloniale sekretaris, P. Duncan en die direkteur van onderwys, sir J. E. Adamson aan die een kant en generaals L. Botha, J. C. Smuts en mnr. Louis Esselen as verteenwoordigers van Het Volk aan die ander kant [3].

Na afloop van die samesprekings het generaal Botha 'n brief aan die koloniale sekretaris geskrywe waarin hy sekere voorstelle voorgelê het, "for the modification of the present system of Public Education" [4].

In antwoord op generaal Botha se brief het die koloniale sekretaris op 1 September 1905 sy "Memorandum on proposed changes in the Administration of

the Education/..

1. De Vereeniging, 12.6.04.
   De Volksstem, 25.5.04.
2. Het Christelijk Schoolblad, 1.8.05.
3. Ex. C. 94/1115/05.
4. Ibid: Brief generaal L. Botha aan P. Duncan, 29.8.05. Die voorstelle is reeds in hoofstuk II behandel, 42-48.

the Education Law with the view to a Union of the Schools of the Christian National Education Committee with the Government System" aan die leiers van Het Volk gestuur [1].

Na hierdie onderhandelinge tussen die leiers van Het Volk en die regering het die Selborne-minute van 17 November 1905 gevolg.

Dit het duidelik geword dat die politieke leiers van die Afrikaners op eie houtjie begin optree het. In hulle voorstelle was hulle bereid om sekere toegewings te maak met betrekking tot plaaslike bestuur in die onderwys wat nie vir die Hoofdkommissie vir C.N.O. [2] aanneemlik sou wees nie. In 'n hoofartikel skryf die redakteur van "De Volksstem", lyforgaan van die Het Volk-organisasie, soos volg:

> "Op 't laatste kongres werd aan 't Hoofd Komitè van 'Het Volk' opgedragen om weerom onderhandelingen te openen met de outoriteiten ten einde een stelsel van onderwijs te bereiken dat aanneemlijk zou wezen voor de inwoners van onze Staat. Natuurlik bleef de organisasie van het 'C.N.O.' - waarover Het Volk geen gezag hoegenaamd uitoefent - buiten het terrein der onderhandelingen, die aangeknoopt werden; de verbetering der bestaande Onderwijs-Ordonnantie word door 't Hoofd Komitè bij de Regeering ter sprake gebracht, onafhankelijk van de lotgevallen welke aan het 'C.N.O.' te wachten zouden staan ingeval die zoo zeer gewenste verbeteringen werden aangebracht" 3).

In dieselfde artikel word verwys na die onderhandelinge tussen die partyleiers en die regering "en we konstateeren met voldoening dat door Lord Selborne een eindsweegs is tegemoet gekomen aan de wens van de meerderheid van ons publiek, de wens namelijk, om een stem te hebben in de benoeming van de onderwijzer of onderwijzeres".

Vroeg in Januarie 1906 het generaal Bötha en mnr. Esselen weer met die regering onderhandel, en hierdie/.....

---

1. Ex. C. 94/1125/05. Sien ook hoofstuk II, 41-46.
2. De Volksstem, 5.7.05. Voor die onderwyskongres (Julie 1905) het ds. Postma gesê dat hy teen die huidige samewerking met die regering is. "In isolement ligt onze kracht".
3. De Volksstem, 18.11.05.

hierdie keer om die tydperk vir die verkiesing van skoolkomitees vir staatskole, wat voor 31 Maart 1906 moes plaasvind, te verleng [1]. Die rede vir hierdie aansoek was om ouers van C.N.O.-skole, wat nou staatskole sou word, die geleentheid te bied om hulle skoolkomitees te kies [2].

Na onderlinge raadpleging het die uitvoerende amptenare van die regering besluit dat die C.N.O.-skole met 'n inskrywing van 30 leerlinge, wat na 31 Maart 1906 staatskole sou word, nog tot 30 Junie hulle skoolkomitees kon kies [3].

Hierdie toenadering tot die regering van die kant van die volksleiers, het plaasgevind terwyl die Afrikaners by twee onderwyskongresse [4] onomwonde hulle standpunt met betrekking tot die onderwys van hulle kinders gestel het. Die volk sou voortgaan "om zijn kinderen zelf op te voeden, en totdat hij een stem heeft in zijn eigen Regeering is het laatste woord gesproken" [5].

Kort na die tweede onderwyskongres het generaal Smuts op 'n vergadering van Het Volk te Klerksdorp verklaar:

> "Engelse en Boeren kinders moeten op diezelfde school gaan, zodat het volk zal opgroeien tot één gelukkige en eendragtige natie" 6).

By die kongres van Het Volk wat in Desember 1906 gehou is, is die statute van die party aangeneem. Hierdie statute het neergelê dat vry goewermentskole die enigste stelsel onder die nuwe regering sou wees

en dat/.......

---

1. Lt. G. 132/114/107: Brief van sir Arthur Lawley, luitenant-goewerneur, aan lord Selborne, 18.1.05.
2. Ibid. In bogenoemde brief skrywe die luitenant-goewerneur: "He (genl. Botha) puts the case to me however as I represented to you that Esselen had put to me, that is to say, that the election of Committees should be postponed until after March when he says he feels confident that their schools will come in".
3. Goew. Gazette, 2.4.06: Goewermentskennisgewing 215/1906.
4. Die Onderwyskongresse van Desember 1905 en Maart 1906.
5. De Volksstem, 20.12.05.
6. Id., 21.4.06.

en dat Engels verpligtend sou wees en Hollands nie. Die regte van ouers sou erken word deur gekose skoolkomitees, wat seggenskap sou hê by die aanstelling van onderwysers [1].

Die kardinale beginsel van ouerseggenskap by die benoeming van onderwysers is in die grondwet behou, maar hoe ver die seggenskap sou geld, is nie neergelê nie.

5. <u>Oorsake vir die mislukking van die stryd om ouerseggenskap in die onderwys.</u>

Ondanks mooi kongresbesluite, het daar nooit 'n kragtige C.N.O.-organisasie ontstaan nie. Teen die einde van 1905 het die C.N.O.-beweging sy hoogtepunt bereik en daarna begin kwyn. Die vernaamste oorsake vir die mislukking kan soos volg opgesom word:

a. Die onvermoë van die verarmde volk om die finansiële laste vir die onderwys te dra.

Nieteenstaande die milde bydraes uit Nederland, kon die Afrikanervolk nie genoeg fondse insamel vir die onderhoud van hulle eie skole nie [2].

Die beoogde C.N.O.-organisasie, waarvoor by die Maart-kongres 'n "statute" opgestel is, wou maar nie vlot nie. Slegs enkele distrikte het gehoor gegee aan die kongresbesluit, sommige distriksbesture het geweier om 20% van hulle inkomste aan die Hoofdkommissie te betaal [3].

Dit was nie 'n maklike taak om 'n onderwyser by 'n C.N.O.-skool te wees nie [4]. Bestaande skole het dikwels 'n kwynende bestaan gevoer en het alleen deur die volharding van die onderwyser aan die gang gebly [5].

b. Verskillende beskouinge oor Christelik - Nasionale Onderwys by die leiers van die volk.

Onder die leidende persoonlikhede was daar twee denkrigtings: die een groep was voorstanders van aparte vrye skole met staatsubsidie, die ander groep

het geen/.......

---

1. De Volksstem, 5.13.06. Artikel VI van die grondwet wat handel oor onderwys.
2. De Volksstem, 14.3.06.
3. Het Christelijk Schoolblad, 1.6.06.
4. Het Kristelik Schoolblad, 1.7.06.
5. Id., 1.10.06.

het geen besware gehad teen die staatskole nie mits die beginsels van C.N.O. gehandhaaf word. Onder die laaste groep was ook die leiers van Het Volk, en veral generaal Smuts het 'n groot voorstander geword van rassesamesmelting [1].

Met die veranderinge wat op die staatkundige terrein plaasgevind het en as gevolg van die leidende aandeel wat generaal Smuts daaraan sou hê, het die oorgawe van die C.N.O.-skole aan die staat onvermydelik geword.

c. Die ongelyke stryd tussen die C.N.O.- en die staatskole.

In 'n artikel in "Het Kristelik Schoolblad" word die lot van die onderwysers en leerlinge van die twee onderwysstelsels soos volg geskets:

> "Enerzijds: de officiële steun en ruim beschikbare gelden. Voor de onderwijzers: een goed salaris, een vaste positie, kans op bevordering. Voor de leerlingen op de meeste scholen: kosteloos onderwijs, zoo nodig, vrij schoeisel en vrij vervoer naar school op de koop toe, schoolbenodigdheden gratis. Verder goede gebouwen, geschikte leermiddelen.
>
> Anderzijds: de officiële tegenwerking, de schrale beurs van onze verarmde, uitgeputte bevolking. Voor de onderwijzers: een zeer kleine vergoeding - van salaris kunnen we in vele gevallen niet spreken - een positie zoo onvast soms, dat ze niet weten of een volgende maand hun school nog zal bestaan; weinig vooruitzichten op verbetering. Voor de leerlinge: een hoog schoolgeld, zoo hoog mogelik, opdat de onderwijzer iets verdiene, schoolbenodigdheden tegen kostenden prijs. Verder wat gebouwen en leermiddelen betreft, zoo goed als een schrale beurs toelaat..... De rijke man en de arme Lazarus" 2).

Geen wonder dat die C.N.O.-organisasie dan uiteindelik die stryd gewonne moes gee nie.

d. Die nuwe benadering van die onderwysvraagstuk deur lord Selborne.

Die hardnek-/.....

---

1. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode, 289.
   Snyman: Histories-Kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 240.
2. Het Kristelik Schoolblad, 1.8.06.
   Symington: a.w., 306, 307.

Die hardnekkige weiering van lord Milner om enige gehoor te gee aan die versoeke van die Afrikaner en sy doelbewuste strewe om hom deur die onderwys te angliseer, het die voorstanders van C.N.O. laat volhard.

Die toegeefliker houding van lord Selborne en die invloed van manne soos generaal Smuts en Esselen, het die onoorbruglike kloof tussen regering en Afrikanervolk nouer gemaak. Alhoewel Selborne se onderwysbeleid nog nie in sy geheel vir selfs die gematigde voorstanders van C.N.O. aanneemlik was nie, het dit tog die begeerte om 'n ooreenkoms met die regering te tref sterker gemaak. Generaal Smuts se strewe was om die staatsonderwys so te verander en te verbeter dat dit aanneemlik sou wees vir die manne van die C.N.O. [1]. Hy het dan ook uiteindelik daarin geslaag om die C.N.O.-skole by die staatskole in te lyf.

e. Die Hollandse taal as ewewigsfaktor teenoor Engels.

Soos reeds aangetoon, was een van die pilare waarop die C.N.O.-beweging gebou is, gelyke regte vir Hollands en Engels. By die stigtingsvergadering van "Die Afrikaanse Taalgenootskap" op 13 Desember 1905 sê dr. N. H. Hoogenhout onder andere:

> "Daar bestaat nie die minste plan om Hollands op enige manier tege te werk, integendeel beskouw ons Hollands als die moeder van ons eie Afrikaans en die bron van ons krag; ons wil die onderwijs van Hollands met alle mag steun en dit ook op die kansel beskerm, maar in ons omgang wil ons Afrikaans die eer ge wat die toekom; ons sien die onmogelikheid om ooit als nasie, goed Hollands te skrijwe, omdat ons die taal nie praat nie, en daarom wil ons ook perbeer om die Afrikaners wat Afrikaans wil skrijf, aan te moedig om sodoende ons taal sterk te maak en mettertijd 'n literatuur......" 2).

Generaal Smuts verklaar "dat zij hele loopbaan 'n bewys is, dat hij Hollands met hart en siel steun, maar hij siet nou eenmaal in dat zij kinders nie goed Hollands kan praat nie en hij denk ook dat die skrijwers van die volk Afrikaans moet skrijf om gelees te word" 3).

Dit spreek/......

1. De Volksstem, 12.7.05.
2. Id., 20.12.05.
3. Ibid.

Dit spreek duidelik dat Hollands besig was om 'n vreemde taal te word in die volksmond. Die belangrikheid van Hollands as taal vir die Afrikaner en veral vir die jeug het begin afneem. Gelyke regte vir Hollands en Engels in die onderwys as behoudende faktor vir die C.N.O.-skole sou, tot tyd en wyl Afrikaans as selfstandige taal ontwikkel het, by die volksmassa 'n minder belangrike rol speel.

6. Samevatting.

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het die Transvaalse bevolking 'n eie onderwysstelsel na eie aard en lewensbeskouing ontwikkel.

Die ouer was verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind en die onderwys moes in 'n Christelike gees gegee word. Om dit te verseker, moes die ouer plaaslike beheer uitoefen deur middel van plaaslike besture of skoolkomitees, benoem deur die ouers self.

Met die Britse verowering en die instelling van 'n stelsel van suiwer staatskole, het 'n spontane reaksie teen die Engelse staatskole ontstaan, wat aanleiding gegee het tot die C.N.O.-beweging.

Milde bydraes uit Holland het die C.N.O.-skole 'n stewige stoot gegee en aanvanklik was daar ook snelle uitbreiding. Die "Vriendenkring" het ontwikkel tot die Hoofdkommissie vir C.N.O. Hierdie Hoofdkommissie het geen steen onaangeroer gelaat om fondse en middele te vind ter bevordering van die C.N.O.-beweging nie.

Ongelukkig het die C.N.O.-beweging geen vaste en deeglike organisasie gehad nie. Die skole is deur ouers gestig en in stand gehou met behulp van toelaes wat deur die Hoofdkommissie betaal is. Met die meeste van hierdie skole het die finansieel moeilik gegaan, en onderwysers het heel dikwels met groot opoffering en ontbering C.N.O.-skole in stand gehou.

Die Hoofdkommissie het 'n leerplan vir C.N.O.-skole opgestel, 'n inspekteur benoem om kontrole uit te oefen en ook uiteindelik 'n vrugtelose poging aangewend om 'n deeglike organisasie vir die C.N.O. te skep.

In die stryd vir C.N.O. het die Hoofdkommissie, die drie Hollandse kerke en die Het Volk-party hartlik saam-/......

lik saamgewerk. Daar is van alle kante onderhandelings met die owerheid gevoer en pogings is aangewend om groter seggenskap vir die ouer by die benoeming van die onderwyser te verkry, om die regte van die Hollandse taal te beskerm en die regering te beweeg om subsidies aan C.N.O.-skole te betaal.

In die stryd het sekere politieke leiers daarna begin strewe om 'n ooreenkoms met die regering te sluit. Hulle was bereid om sekere toegewings te maak waarmee die voorstanders van die C.N.O.-beweging nie kon saamstem nie. Met die koms van lord Selborne is daar ver gevorder in die rigting van 'n kompromis. Die Selborne-minute was dan ook die voorloper van die onderwyswetgewing wat deur die Het Volk-party, en by name generaal Smuts, ingestel sou word.

Verskillende kongresse is gehou, waarvan die volkskongresse insake onderwys die belangrikste was. Kragtige besluite is geneem, maar die hardnekkige weiering van die regering om aan die versoeke van die manne van die C.N.O. te voldoen, het die goeie pogings laat misluk.

Die vooruitsig om 'n eie regering onder verantwoordelike bestuur aan bewind te hê, het nuwe hoop gebring. Die Het Volk-party het hierdie hoop laat verander in vertwyfeling toe hulle as beleid van die party die beginsel van staatskole aanvaar het.

Met die Het Volk-party aan bewind, deur die verarmde toestand van die volk en as gevolg van die verdeeldheid in eie geledere ten opsigte van die onderwysbeginsels, het die C.N.O.-beweging die stryd gewonne gegee. H. Visscher, sekretaris van die Hoofdkommissie, het 'n amptenaar van die onderwysdepartement geword, belas met die oorname van die C.N.O.-skole.